# H O O F S T U K VI.

## DIE SUBSIDIESTELSEL ONDER DU TOT EN STIEMENS.

### 1. Die eerste jare.

#### a. Die aanstelling van ds. S. J. du Toit.

Na die teruggawe van die Transvaal aan die Boere is die wette wat voor die anneksasie in swang was, weer herstel en daarmee ook Burgers se Onderwyswet. Aangesien Van Gorkum na Holland vertrek het, moes 'n ander Superintendent van Onderwys gevind en aangestel word. Die Driemanskap het die superintendentskap aan ds. S. J. du Toit van die Paarl aangebied omdat hy as voorvegter vir Christelik-nasionale onderwys en ondersteuner van die Boeresaak gedurende die Eerste Vryheidsoorlog die man so reg na hulle hart was. Na onderhandelings tussen die Driemanskap en ds. Du Toit, wat op 1 Augustus 1881 begin het, het hy eindelik op 13 Maart 1882 sy amp as Superintendent van Opvoeding in Transvaal aanvaar, nadat hy egter sekere voorwaardes duidelik aan die Transvaalse owerheid gestel het[1]).

#### b. Sy beleid.

Die beginsels wat hy aan die Transvaalse owerheid voorgelê het en wat aanvaar is nog voor sy aanstelling in die amp, is later beliggaam in Wet no. 1 van 1882 en kom kortliks op die volgende neer:

Die onderwys is nie die saak van die staat nie maar van die ouers en die kerk, sodat die oprigting van skole dus oorgelaat moes word aan partikuliere inisiatief; die skool sou geen staatseiendom en die onderwysers geen staatsamptenare wees nie. Die staat se aandeel aan die onderwys moes beperk wees tot 'n eenvoudige subsidiestelsel volgens die aantal leerlinge en die graad van die onderwys, en die toesighouding oor die regte en goeie gebruik van dié geld met die oog op die vorming van nuttige burgers deur middel van 'n suiwer Christelik-nasionale onderwys.

---

1. Vir onderhandelings kyk onder andere R.3381/81 by R.5296/86; R.3578/81 by R.5286/86; telegram R.3387/81 by R. 5296/86; U.R.B., 15 September 1881, art 20; R.3994/81 in R.5296/86.

c. Wet no. 1 van 1882[1]).

Hierdie wet bestaan uit twee hoofdele, waarvan die eerste, Bepalinge vir die laer en middelbare onderwys, uit 16 artikels bestaan, terwyl die tweede, Bepalinge vir die hoër onderwys, uit 15 artikels bestaan.

(1) Bepalinge vir die laer en middelbare onderwys.

(a) Algemene Bepalinge (A).

Eersgenoemde deel is weer in twee dele verdeel, waarvan A die belangrike Algemene Bepalinge gee. Die regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek gaan uit van die standpunt dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die onderwys van hulle kinders en beperk dus die staatsbemoeiing met die skoolwese tot

(a) die aanmoediging van die partikuliere inisiatief by die burgery deur geldelike bydrae tot ondersteuning van die skole;

(b) tot die skoolopsig in sover dit hom geroepe ag om toe te sien dat die toekomstige burgers die vereiste Christelike opvoeding ontvang en

(c) tot die stigting van 'n inrigting vir hoër onderwys, veral vir die opleiding van onderwysers en ander staatsamptenare (art. 1).

Volgens artikel 2 hoort die godsdiensonderwys by die kerk, en die regering kan net eis dat die onderwys gegee sal word in 'n Christelike gees ; terwyl die skoollokale daartoe aangebied word, spreek die regering die wens uit dat die kerkbesture soveel moontlik die inisiatief neem in die stigting van skole en die kiesing van skoolkommissies.

Die regering wil veral die buite-onderwys bevorder en bied daarom 'n subsidie aan volgens die aantal leerlinge en die standaard van onderwys (art. 3). Die onderwys word verdeel in laer,middelbare en

1. Oorspronklike by R 5296/86.
Opgeneem in Locale wetten der Z.A.Republiek, deel 1, 1849 -1885, 1069 - 1075 ; Ook gepubliseer in Ploeger : Onderwys en onderwysbeleid in die Z.A.R.,Bylaag 1, 330 - 333.

hoër onderwys (art. 4). Waar die onderwys voldoen aan die vereistes van die wet, word 'n jaarlikse toelae van £3 per kind vir elementêre en £5 per kind vir middelbare onderwys toegesê [1]).Die toelae word vier keer per jaar uitbetaal nadat die skole se verslae en opgawes deur die Superintendent nagegaan en goedgekeur is. Op sy aanbeveling gee die regering 'n honorarium van £5 tot £15 per jaar aan enige onderwyser wie se skool bewys lewer van buitengewone verdienstelikheid (art. 6). Artikel 7 bepaal dat die onderwys in die Nederduitse taal gegee moes word.

(b) Besondere bepalinge (B).

Elke ondersteunde skool staan onder die onmiddellike toesig van 'n skoolkommissie (art. 8), wat moes sorg vir 'n behoorlike skoolgebou met meubels en toebehore tot bevrediging van die regering en onderworpe aan die inspeksie van die Superintendent (art. 9).Artikel 10 skrywe voor watter verslae deur die ondersteunde skole gehou moes word en bepaal verder dat sodanige verslae ,behoorlik onderteken,vergesel van die verskuldigde toelae vir die afgelope 3 maande, aan die Superintendent gestuur moes word. Alleen leerlinge wat meer as 3 volle dae per maand of 50 dae per kwartaal in die skool was [2]),kom in aanmerking vir subsidie. Onderwysers wat wetenskaplik bevoeg en lidmaat van 'n Protestantse kerk moet wees, word deur die skoolkommissies gekies en vir aanstelling by die Superintendent aanbeveel (art. 12). Artikel 13 handel oor die Superintendent van Onderwys, wat hom op Pretoria moes vestig ; hy sal belas wees met die oppertoesig van skole, die reëling van die onderwys, moet sorg vir die gereelde opsending en bewaring van die skoolverslae ; een maal per jaar besoek hy skole van middelbare en hoër onderwys en soveel moontlik laerskole; hy doen jaarliks verslag aan die regering oor die algemene staat van

---

1.Met die Volksraadsitting van 3 Mei 1882 is besluit om die subsidies vir elke leerling wat laer en middelbare onderwys geniet,van £2 tot £3 en van £3 tot £5 respektiewelik te verhoog,omdat die vergadering van oordeel was dat 'n groot deel van die bevolking te arm was om hulle aandeel in die skoolgelde by te dra.(Kyk V.R.N.,3 Mei 1882, art. 28.)

2.Artikel 10 van Wet 1 van 1882 ;later gewysig van 3 na 15 volle dae per maand (Z.A.R., 87/10, 14).

die openbare onderwys, wat ook in die staatskoerant gepubliseer word. Sy salaris is vasgestel op £600 per jaar.

Sodra die vermenigvuldiging van werksaamhede dit vereis,sal 'n Sekretaris van Onderwys aangestel word teen £250 per jaar. Die Superintendent mag sy reg tot inspeksie aan 'n bevoegde persoon verleen (art. 14).

As 'n ondersteunde skool weens 'n swak inspeksierapport sy subsidie verloor, kan hy na verloop van ses maande weer geïnspekteer word, en indien die Superintendent dit aanbeveel,kan die skool weer ondersteuning kry (art. 15).

Die sestiende artikel bepaal dat die regering in die geval van werklike behoeftige leerlinge in ondersteunde skole 'n spesiale subsidie van £3 tot £5 per jaar vir laer en middelbare onderwys respektiewelik kan toeken.

(c) Bepalinge vir die hoër onderwys.

Hierdie Bepalinge vir die Hoër Onderwys word ook verdeel in (A):Bepalinge vir 'n inrigting van hoër onderwys of normaalskool op die setelplek en (B) Bepalinge vir 'n Kommissie van Eksaminatore.

Hierdie inrigting vir hoër onderwys , die enigste eintlike staatskool in die Zuid-Afrikaanse Republiek,stel hom ten doel in die besonder die vorming van onderwysers en amptenare en in die algemeen om 'n behoorlike wetenskaplike opleiding binne die bereik van die bevolking te bring (art. 2).Daar sal twee departemente wees :

A. die eerste vir gewone hoër onderwys in Latyn,Grieks, Wiskunde ,nuwe tale en lettere en natuurwetenskappe,en

B. die tweede vir die opleiding van onderwysers en amptenare met ses afdelings,naamlik pedagogies,juridies kommersieel en administratief,staatkundig,krygskundig en landboukundig (art. 4).

Die onderwyspersoneel moet bestaan uit een permanente onderwyser, gegradueerd by 'n erkende universiteit, vir gewone hoër onderwys ( dit is A ) teen £500 per jaar, en hy sou bygestaan word deur kursusonderwysers vir die verskillende afdelings van die opleidingskool ( dit is B ), wat deeltydse besoldiging sou ontvang

teen hoogstens 5/- per uur (art. 5).

d. Voordele van Wet no. 1 van 1882.

Die Boerebevolking het die wet met ingenomenheid begroet. Christiaan Joubert, lid van die Uitvoerende Raad, het in die Volksraad tydens die bespreking van die wet opgemerk dat hy daarvan oortuig was „dat het volk der Republiek ,hetwelk een Christenvolk,met deze wet volkomen tevreden zal zijn"[1]).

Deur hierdie wetgewing het Du Toit 'n stelsel van onderwys in die lewe geroep wat gepas het by die volksaard en -tradisies , naamlik 'n stelsel van staatsondersteunde skole op Christelike en nasionale grondslag met Hollands as voertaal, 'n stelsel wat die belangstelling en steun van die Transvaalse Boerebevolking dadelik ontvang het, omdat dit rekening gehou het met hulle gees en rigting en met hulle behoeftes[2]).

Hierdie wet het partikuliere inisiatief gestimuleer ,en plaaslike belangstelling van ouers in die onderwys beteken veel vir daardie onderwys.

Waar die oprigting van die skole in die hande van die bevolking gelaat is en waar 'n eenvormige toelaag aan alle kinders gegee is, ongeag die plek waar hulle skool opgerig is[3]), is die onderwys nou ook tot aan die deure van die dunbevolkte platteland gebring, daardie deel van die bevolking wat verreweg die grootste was. Die dorps- en plattelandse kind het nou gelyke kanse op onderwys gehad. Dit veral is 'n groot verbetering op die Burgerswet.Selfs aan behoeftige leerlinge is 'n volle subsidie betaal. Hierdie stelsel was goedkoper vir die staat , en tog het dit die onderwys veel meer laat bloei en ontwikkel as die duurder stelsel van Burgers.

Die toelae-per-kind-basis sou die onderwysers aanmoedig om soveel moontlik kinders na die skool te bring ten einde hulle eie

1. V.R.N., 4 Mei 1882, art. 29.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 51.
3. Vergelyk die verskillende subsidies vir distrik- en wykskole onder die Burgerswet.

vergoeding te verhoog. Sodoende sou baie kinders na die skole getrek word wat anders tuis gelaat sou gewees het. Hoewel dit onopvoedkundig is, sou die onderwys van die moontlike groter aantal kinders nie veel daaronder kon ly nie, omdat die uitbetalings van kwartaällikse subsidies onderworpe was aan bevredigende inspeksierapporte.

Aangesien buitengewoon verdienstelike onderwysers by wyse van 'n honorarium beloon of eintlik vereer is, sou die toekenning van die honorarium aan die onderwyser vir hom nie alleen 'n finansiele bate wees nie maar ook bewys van bekwaamheid, en intussen sou die kind en die volksonderwys daarby baat.

e. Die Onderwyswet in werking.

(1) Aanvanklike snelle groei.

Met Du Toit se indienstrede was daar nog net drie skole in die Zuid-Afrikaanse Republiek wat nog onder die goewerment geval het, naamlik die in Potchefstroom, Utrecht en Zeerust[1]). Die regering het besluit om tot 30 April 1882 nog salarisse volgéns die Burgerswet te betaal.

Onderwyssake was met Du Toit se diensaanvaarding op 13 Maart 1882 deurmekaar. Opgehoopte korrespondensie vir die Onderwysdepartement is deur die Driemanskap aan hom oorgelaat. Hy het dit gou afgehandel, om daarna besoek te bring aan die distrikte Heidelberg, Potchefstroom en Rustenburg[2]). Ongetwyfeld het hierdie besoek en toesprake die ouers aangespoor om skole te stig, want daarna het die aantal skole en skoolgaande kinders vinnig vermeerder.

1. V.R.N. ,4 Mei 1882 ,art.10 :Voorlopige verslag van Du Toit,
2. Lugtenburg :Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., 133.

Tabel V

Tabel aantonende die aantal skole en leerlinge gedurende die jaar 1882 en 1883 [1].

| Maand. | 1882 Aantal skole. | 1882 Aantal leerlinge. | 1883 Aantal skole. | 1883 Aantal leerlinge. |
|---|---|---|---|---|
| Januarie. | 9 | 206 | 53 | 1012 |
| Februarie | 12 | 269 | 59 | 1183 |
| Maart. | 16 | 345 | 60 | 1302 |
| April. | 14 | 288 | 62 | 1434 |
| Mei. | 20 | 396 | 62 | 1360 |
| Junie. | 19 | 314 | 62 | 1404 |
| Julie. | 28 | 502 | 63 | 1353 |
| Augustus. | 32 | 618 | 64 | 1338 |
| September. | 36 | 746 | 70 | 1529 |
| Oktober. | 36 | 752 | 64 | 1259 |
| November. | 42 | 671 | 71 | 1397 |
| Desember. | 43 | 872 | 72 | 1410 |

As ons let op die gegewens in die bostaande tabel V, dan blyk dit dat die aantal skole gedurende die twaalf maande van 1882 gestyg het van 9 in Januarie tot 43 in Desember, terwyl die aantal leerlinge toegeneem het van 206 tot 872.Vergelyk ons egter die groei op onderwysgebied oor die twee jaar van Januarie 1882 tot Desember 1883, dan merk ons die verbasende vermeerdering in die aantal skole van 9 tot 72, dus 'n vermeerdering van 8 maal die oorspronklike ;wat die aantal leerlinge betref, is daar 'n toename van 206 tot 1410, dus amper 'n vermeerdering van 7 maal die oorspronklike getal.Van die skole wat op 31 Desember 1883 bestaan het, was 8 dorpskole met 320 leerlinge en 64 wykskole met 1090 leerlinge. In sy verslag oor 1883 wys Du Toit daarop dat die dorpskole van 9 in 1882 tot 8 in die volgende jaar verminder het en verwys in die verband na sy voorlopige verslag aan die Volksraad voorgelees op 4 Mei 1882 (art. 17),waarin

1. Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in de Zuid Afrikaansche Republiek over het dienstjaar 1883,2(Z.A.R.87/1/2).

die aandag daarop gevestig word dat die dorpskole dit met die nuwe subsidie moeiliker sou vind as tevore. Hy doen egter aan die hand dat die regering aan sulke skole kan hulp verleen op die £-vir-£ basis vir enige geld wat deur die gemeenskap gewaarborg word bo die verpligte skoolgelde[1]).

(2) Aanvanklike uitgawe aan die onderwys.

Met hierdie snelle groei van die onderwys, waar die aantal skole en kinders in 2 jaar van 9 tot 72 en 206 tot 1410 respektiewelik toegeneem het, sou ook normaalweg 'n ooreenkomstige eweredige toename in die uitgawe verwag kan word. Die feit dat dit tog geensins die geval was nie, dien as bewys dat die finansiële beginsels wat deur Wet no. 1 van 1882 toegepas is, veel sukses afgewerp het. Die verskil word treffender as die gegewens in verband met koste aan onderwys per leerling van die vier state vergelyk word en wel onder die Burgerswet en die Du Toit-wet (Kyk Tabel Vl).

Tabel Vl.

Vergelykende tabel aantonende die subsidie aan onderwys per leerling in die vier state, 1877 en 1883.

| | 1877 [2]). | 1883 [3]). |
|---|---|---|
| Kaapkolonie. | -.14.3. | £ 5.11.10. |
| Natal. | 2. 9.4. | 5. 5. 5. |
| Oranje-Vrystaat. | 5. 3.4. | 12. 9. -. |
| Transvaal (Burgerswet) | 11. 8.9. | (Du Toit-wet.) 4. -. 9 [4]). |
| | | 3. 2. 4 [5]). |

1. Z.A.R.87/1/3-4: Verslag van den staat van Openbaar Onderwijs en in de Zuid-Afrikaansche Republiek over het dienstjaar 1883,3.en 4.
2. Transvaal Government Gazette, no. 95, vol. 111, 7 Jan. 1879 :Lyle, Report on the Conditions of Education in the Transvaal, 2.
3. Z.A.R. 87: Onderwysverslag van die Superintendent,1883-1898, Diensjaar 1883,5.
4. Die bedrag word deur dr.E.G.Malherbe in Education in South Africa, 262 -263 aangegee as £5.
5. Hierdie bedrag moet myns insiens as die korrekte aanvaar word. Dit word ook bevestig deur :
   a. Z.A.R. 87/4: Jaarverslag van die Superintendent,1883-1898, vir die Diensjaar 1886, 1.
   b. Z.A.R. 98/23 :De Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek en het Onderwijs - wêreldtentoonstelling Parys, 1900,tabel 2, kaart lV.

Vir die onderwys is vir die jaar 1882 soos volg begroot [1].

| | Geskatte bedrae. | Werklike bedrae [2]. |
|---|---|---|
| Inkomste onderwys en opvoeding. | 240 | 240 (Opleidingskool) |
| Uitgawes Departement van Opvoeding en Onderwys. | 1378. -. -. | |
| Uitgawes diverse dienste: Opv.& Ond. | 4729. 9. 4. | |
| Uitgawes Staatsdepartement Opv.& Ond. | 91. 7.11. | |
| **Uitgawes (vermoedelik) Departement van Opvoeding en Onderwys:** | | |
| Superintendent van Onderwys van 18 Janurie. | 578. | 578. |
| Onderwyser te Potchefstroom van 1 Jan. tot 30 Apr. | 66.13. 4. | 66.13. 4. |
| Onderw. te Zeerust, 1 Jan.-30 Apr. | 66.13. 4. | 66.13. 4. |
| Onderw. te Utrecht, 1 Jan.-30 Apr. | 66.13. 4. | 66.13. 4. |
| 1 hoofonderw.v.Opleidingskool van 1 Jul. | 250.- .- | |
| 4 kursusonderwysers vir Opl.sk. v.1 Jul. | 200. -.- | |
| Middelbare onderwysers. | 150. | |
| TOTAAL. | 1378. -. -. | |
| **Ander dienste:** | | |
| Subsidie vir 1000 leerlinge laer onderwys van 1 Mei tot 31 Des. | 2000 ) | 1173.11.- [3]. |
| Subsidie vir 500 leerlinge mid.ond. | 1666.19.4) | |
| Bonus aan verdienstelike onderwysers. | 200 | 25 |
| Spesiale subsidies vir arm kinders. | 300 | |
| Kommissie van Eksaminatore. | 62.10.- | |
| Toelae vir aankoop skryfbehoeftes, boeke ens. | 500. | 500. |
| TOTAAL | 4729. 9. 4. | |
| **Supplementêre begroting (1882) onderwys en opvoeding.** | | |
| Agterstallige sal.hulpond.Potch. | 91. 7.11. | 91. 7.11. |
| Reiskoste Supt.v.Onderwys | 250 | 163. 6. 6. |
| | 341. 7.11 | |
| GROOT TOTAAL | £6448.17. 3. | |
| Salaris, Sekretaris. | | 68.10.10 |

1. Z.A.R., 126: S.A.Republiek: Finansies-begrotings, 1881-1895, 2, 3, 13 en 15.
2. Staatskoerant, 3 Mei 1883, 215.
3. Opmerking deur die Superintendent van Onderwys dat hierdie bedrag by benadering is daar alle verslae nog nie ontvang was nie.

Volgens voorgaande begroting is daar dus in 1882 die som van £2798.16. 3. bestee. Neem ons die maksimum aantal leerlinge wat daar in genoemde jaar op skool was (nl. 812 op 31 Desember 1882), en deel dit in die uitgawe van die jaar, dan gee dit 'n gemiddelde koste per kind van £ 3,8,11. Hierdie bedrag is slegs by benadering, aangesien ons, by gebrek aan die gemiddelde skoolbesoek of die werklike aantal kinders vir wie subsidies betaal is, die maksimum leerlinge op enige tydstip in 1882 in die skool neem. Du Toit gee die uitgawe per leerling vir 1882 aan as £ 3.4.8 [1]).

Hierdie bedrag van £ 2,798.16.3, wat in 1882 aan onderwys bestee is uit die land se bruto uitgawe van £ 309,168 .7.1, verteenwoordig nagenoeg 1% van die landsuitgawes.

Met die snelle groei van die onderwys van 43 skole met 872 leerlinge in Desember 1882 tot 72 skole met 1410 leerlinge 'n jaar later moes die begroting voorsiening maak vir die nodige uitbreiding. Daar is £ 8700 op die begroting geplaas vir die onderwys vir 1883, waarvan aan subsidie vir 1000 leerlinge se laer onderwys £ 3,000 gestem is ; vir 500 leerlinge se middelbare onderwys £ 2,500 en vir spesiale subsidie aan arm kinders £ 1100 [2]). Die gemiddelde werklike uitgawe van die regering per kind oor die jaar 1883 was £ 3.2.4 [3]) teenoor £ 3.4.8 [4]) van die vorige jaar.

In 1882 het die staatsuitgawe aan onderwys nagenoeg 1% van die totale staatsuitgawe uitgemaak, terwyl dit in 1883 ongeveer 2% was. Vir die twee betrokke jare is hierdie persentasies van die staatsuitgawes aangewend vir die opvoeding en onderwys van 872 en 1410 kinders respektiewelik [5]).

---

1. Onderwysverslag oor die jaar 1883, 1.
   Die voorgaande uiteensetting van die vermoedelike en werklike uitgawe aan onderwys vir die betrokke jaar en die daarop gebaseerde berekening van die gemiddelde koste per leerling word gegee om aan te toon dat daar by die berekening daarvan deur die verskillende navorsers verskillende resultate mag wees by gebrek aan absolute volledige gegewens, waaroor die Superintendent destyds vermoedelik wel beskik het.
2. Z.A.R. 126: Z.A.Republiek: Finansies-begrotings, 1881-1895, diensjaar 1883, 2,3 en 18.
3. Ibid.
4. Onderwysverslag oor die jaar 1886, 1. Ook Z.A.R.98/23: De Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek en het onderwijs — Wêreldtentoonstelling, Parys, 1900, Tabel 2, kaart no.lV.
5. Onderwysverslae vir die betrokke jare.

Wet 1 van 1882 het dus bo alle twyfel die onderwys snel laat groei en die gemiddelde koste per leerling vir die staat skerp laat daal, sodat dit onder die gemiddelde uitgawe per leerling van die vier state was[1]).

(3) Stiemens aangestel as Sekretaris.

Op 24 Augustus 1882[2]) is H. Stiemens as Sekretaris van Onderwys aangestel aangesien die werksaamhede van die Onderwysdepartement te veel geword het vir die Superintendent. Artikel 14 van Wet no. 1 van 1882 het hiervoor voorsiening gemaak teen 'n salaris van £250 per jaar. Dit sou baie help om die werk van die Superintendent te vergemaklik, en Stiemens was goed op hoogte van sake toe hy later as waarnemende Superintendent moes optree.

2. Verdere verloop.

a. Die Superintendentskap, 1883 - 1891.

Gedurende die eerste paar jare onder Du Toit as Superintendent het die onderwys baie vinnig vooruitgegaan danksy die onvermoeide ywer wat hy aan die dag gelê het. Sy eerste onderwysrapporte getuig van sy deeglike en nougesette werk. Sy buitengewoon goeie oordeel, te danke aan sy heldere intellek en geniale aanleg, het meegebring dat die owerheid sy dienste dikwels gebruik het vir buite-opvoedkundige werk. In 1883 het hy ook as lid van 'n Transvaalse deputasie na Engeland gegaan met die oog op die verkryging van meer vryheid vir die Transvaal, en tydens sy afwesigheid moes die Sekretaris sy werk behartig. Van 1884 af het die gehalte van sy onderwyswerk geleidelik verswak as gevolg van bogenoemde redes en ook omdat hy deelgeneem het aan allerlei politieke en finansiële ondernemings.

Waar die regering tot 1883 hoogs in sy skik was met Du Toit se onderwysrapporte, het sommige Volksraadslede reeds van die volgende jaar af kritiek ingebring teen die administrasie van die Onderwysdepartement. So is die Superintendent byvoorbeeld berispe omdat hy regstreeks teen die bepaling van die wet subsidie toegeken het aan Engelse skole, en hy is daarom gemaan om voortaan die wet stiptelik toe te pas. Ook die on-

---

1. Kyk tabel VI op bl. 88 hierbo.
2. Staatskoerant, 3 Mei 1883, 214.

derwys het begin ly, want waar die jaar 1883 geëindig het met 1410 leerlinge, was daar 'n jaar later slegs 1126[1]). Na 1884 se tydelike insinking op onderwysgebied vanweë die Superintendent se ander belange het hy weer meer aandag aan sy werklike werk bestee, en die gevolg daarvan was dadelik merkbaar, want in 1885 het die aantal kinders in die skole amper verdubbel. Ook het hy 'n groot aantal skole geïnspekteer[2]) en gerapporteer dat artikel 7 van die wet stiptelik toegepas is, hoewel dit in werklikheid stelselmatig oortree is[3]). In 1866 is al weer aanmerkings gemaak oor die Superintendent se werk en is daar selfs gepraat van slordige administrasie, oorhaastige skoolinspeksie, ens.[4]). Hy is selfs openlik in die pers beskuldig[5]). In genoemde jaar het hy ook baie van sy aandag aan 'n goudmynmaatskappy gegee en daardeur sy werk as Superintendent baie verwaarloos, soos blyk uit die bespreking van sy 1886-onderwysverslag in die Volksraadsitting van die volgende jaar, waar hy dadelik aangeval en gewys is op talle gevalle van pligsversuim. Hierby het die ontevredenheid nog opgelaai omdat hy gevra het om 'n ekstra klerk[6]). Die pers het selfs aangedring op 'n kommissie van ondersoek[7]). In hoofsaak kom die kern van die argumente teen hom daarop neer dat hy die Onderwysdepartement verwaarloos deur sy aandag aan private sake te gee; dat hy dan nog salaris uit die staatskas ontvang en dat die swak gekontroleerde, swak geïnspekteerde en swak geadministreerde onderwys onnodige en ongeoorloofde verkwisting van staatsgeld in die hand werk. Hierdie kritiek het die posisie vir die Superintendent onhoudbaar gemaak, en toe die Volksraad 'n wet met terugwerkende krag passeer waarvolgens amptenare van die regering nie meer direkteure van maatskappye mag wees nie, was hy genoodsaak om sy bedanking in te dien. Dit het hy gedoen op 14 Januarie 1888[8]). Sy eie woorde hieroor was: „The law I could not trespass, and my en-

---

1. In die onderwysverslae oor die jare 1883 en 1884.
2. Onderwysverslag oor die jaar 1885.
3. Staatskoerant, no. 278, 19.5.1886.
4. V.R.N.,art. 404 van 1886.
5. De Volksstem, 26.10.1886, ook Desember 1886.
6. V.R.N.,art. 246 en 249 van 1887.
7. Inleidingsartikel in De Volksstem, 25 Mei 1887.
V.R.N.,art. 486 van 1888.

gagements I could not break ;there was nothing but to resign"[1]).

Dr. A. H. Lugtenburg vat Du Toit se moontlikhede soos volg mooi saam [2]) :„Behalwe aan die begin was sy roeping en plig,nl. die onderwys, bysaak. Hy was dit wat vir die eerste keer die onderwysstelsel tot die volk gebring het, en dit tot in die verste distrikte. Betreklik gespreek het hy baie meer sukses gehad met die onderwys in die Republiek dan enigeen van sy voorgangers.Die tragiese vir die onderwys was egter dat 'n man met so 'n goeie verstand, so 'n heldere insig in sake, so 'n groot persoonlike invloed en so 'n geniale aanleg, ook so ryk bedeeld was met die foute en swakhede van die genie. Was dit moontlik vir hom om sy rustelose, aktiewe gees te bepaal alleen by die onderwys en nie by politiek, kerk, goud- en handelspekulasies nie dan sou dit moeilik gewees het om te sê hoe groot die vooruitgang sou gewees het."

Hierdie uitspraak van Lugtenburg is geregverdig.Vergelyk ons die onvermoeide ywer wat Du Toit onmiddellik na sy ampsaanvaarding, te midde van baie opgehoopte agterstallige werk, aan die dag gelê het om die onderwystoestande te verbeter, en let ons op die deeglikheid en volledigheid van sy eerste onderwysverslae en op die vrugte op sy arbeid gedurende die eerste jare van sy superintendentskap en ons vergelyk dit met later jare, dan is die verskil baie duidelik.Die Volksraadsnotules en opinies in die pers gedurende die jare 1884-1887 bewys duidelik Du Toit se afnemende belangstelling in die onderwys en sy toenemende belangstelling in die politiek en allerlei spekulasies.

(2) Stiemens as waarnemende Superintendent.

Na Du Toit se bedanking is sy pos waarnemend opgevul deur H. Stiemens, wat van 1882 af as Sekretaris van die Onderwys opgetree het.

Onder hom het die onderwys weer snelle vordering gemaak. Die aantal dorpskole het gestyg van 20 in 1888 tot 99 in 1891,terwyl die aantal wykskole van 159 in 1888 tot 453 in 1891 toegeneem het

1.Transvaal Observer, 12.5.1888.
2.Lugtenburg : Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek,151.

en die aantal leerlinge van 4016 in 1888 tot 8170 in 1891. Die uitgawe per leerling het gestyg vña £ 3.13. 3 in 1888 tot £ 5. 7. 3 in 1891[1]). Hierdie toename is nie bloot 'n geval van toename in die bevolking self nie, maar die toename in die bevolking het ook daartoe meegehelp. Van 1880 tot 1890 het die blanke bevolking toegeneem van ruim 45,000 tot ruim 119,000 dus met sowat 200%, terwyl die aantal kinders gegroei het van ongeveer 900 tot 6,990, dus met sowat 750%. Maar daarmee wil nie gesê word dat die toestand bevredigend was nie, want laag geskat moes die kinders in 1891 naastenby 20,000 gewees het, en daarvan was dus skaars 36% op skool [2]).

In die jaarverslag oor 1887 [3]) het Stiemens gerapporteer dat dit onmoontlik is om doeltreffende inspeksie uit te voer en het hy 'n versoek aan die regering gerig om 'n inspekteur van skole aan te stel om die Superintendent behulpsaam te wees.Die gedagte was egter te nuut, en die President het opgemerk dat die Superintendent iemand anders kon stuur[4]) en uit sy reistoelae betaal[5]).Geen inspekteur is dus toegestaan nie. Toe die klein aantal geïnspekteerde skole gedurende die behandeling van die 1888-verslag weer ter sprake was en op 'n verklaring daarvan in die Raad aangedring is, het Stiemens verklaar dat 20 van die 74 skole wat besoek is, geïnspekteer is deur die predikant van Lichtenburg, en die Superintendent se reistoelae is aan hom uitbetaal[6]).Hierdie antwoord het die Volksraad dadelik laat besluit om twee inspekteurs aan te stel[7]). Hoewel die twee nog te min was, het Stiemens tog daarin geslaag om iets reg te kry waarby die onderwys en die staat veel sou baat; later sou daar wel meer aangestel word.

Hoewel Stiemens nog steeds waargeneem het as Superintendent van Onderwys, het die President hom nie as geskik beskou vir 'n permanente aanstelling in die pos nie en was hy dus nog altyd op die uitkyk na 'n geskikte persoon.

---

1. As gevolg van die subsidieverhoging vanaf 1 Mei 1889 het die gemiddelde uitgawe per leerling vinniger toegeneem.
2. Onderwysverslae van die Superintendent van Onderwys.
3. Onderwysverslag oor die jaar 1887, 6.
4. V.R.N., art. 497 van 1888.
5. Tot 1888 was die jaarlikse reistoelae aan die Superintendent £300, van 1 Julie 1889 tot 31 Julie 1890 £500, daarna weer £300 per jaar. Kyk Z.A.R. 128:Z.A.Republiek: Finansies-begrotings, verskeie jare.
6. V.R.N., art. 381 van 1889.
7. V.R.N., art. 381 van 1889.

Ook Stiemens moes by verskeie geleenthede skerp kritiek van die Volksraadslede aanhoor.

Nadat Du Toit sy sake in die Transvaal sodanig gereël gehad het om op 'n reis na Europa te vertrek, het Kruger hom weer die Superintendentskap aangebied. Du Toit het dit aangeneem en sou na sy terugkeer uit Europa weer diens aanvaar as Superintendent van Onderwys in die Z.A.R. Na ontvangs van hierdie nuus deur die publiek, het daar weer eens proteste teen sy aanstelling ingekom, sodat hy weer die pos bedank het[1]). Die regering het pogings aangewend om weer 'n Superintendent te vind wat die dryfkrag agter die hele onderwysstelsel moes wees, en weldra het hy gemeen dat die regte man gevind is. In Oktober 1891 sou die nuwe Superintendent sy werksaamhede aanvaar.

b. Leerboeke en skryfbehoeftes.

Gedurende hierdie tydperk ( 1883 - 1891 ) was daar 'n groot behoefte aan leerboeke en skoolbehoeftes, veral Hollandse boeke, wat byna onverkrygbaar was. Die Nederlandsche Z.A. Vereniging het £100 se boeke vir gebruik deur Transvaalse leerlinge vir die laer en middelbare onderwys geskenk. Van die heer N. J. van Warmelo is ook boeke ter waarde van £18.6.3 aangekoop en van Juta vir £55.11.9. Verder is boeke en skoolbehoeftes uit Holland bestel vir £350. Ook is van Uw en mijn cijferboekje 1000 eksemplare bestel vir £50[2]). Die Superintendent het verder boeke uit Europa en Amerika bestel nadat die regering aan hom 'n voorskot vir dié doel verstrek het, waarvan hy jaarliks verslag moes doen[3]).

Die begroting vir die jaar 1882 het £500 gestem vir die aankoop van boeke en skryfbehoeftes[4]). In die volgende jare het die begrotings nie meer daarvoor voorsiening gemaak nie, behalwe £25 per jaar vir skoolmeubels ens. vir die Opleidingskool in die jare 1885 tot 1889, £50 vir 1890, £75 vir 1891 en dieselfde bedrag vir die volgende jaar[5]).

1. R.11999/90 en R.15101/90.
2. In Staatskoerant van 3 Mei 1883, 215: Du Toit se verslag van den staat van het openbaar onderwys in de Z.A.Republiek over het dienstjaar 1882.
3. Onderwysverslag oor die jaar 1884, 3.
4. Z.A.R. 126: Z.A.Republiek, Finansies-begrotings, 1881-1895, 15.
5. Ibid., vir die betrokke jare.

Dit wil egter voorkom asof die bedrag van £500 slegs een keer as 'n voorskot toegestaan is waaruit skoolbehoeftes aangekoop en weer aan skole verkoop kon word, want in sy jaarverslag gee die Superintendent telkens onder die hoof „leesboeken en schrijfbehoeften" verslag van die £500 en verwys daarna as „verleende voorschot".

Wet no. 6 van 1882 het vrystelling van invoerregte op lees- en musiekboeke en gedrukte skoolbehoeftes verleen[1]).

N. S. Malherbe, sekretaris-tesourier van die publieke skool van Potchefstroom, het op 6 April 1885 'n skrywe aan die Superintendent van Onderwys gerig waarin die gebrek aan

„a) Een goed uitgewerkt boek in het Hollandsh voor de Cijferkunst,

b) Idem, Aardrykskunde van Afrika,

c) Een beknopte Algemeene Geschiedenis van Afrika" te kenne gegee word[2]). Die Superintendent het daarop by die Volksraad aanbeveel dat pryse uitgeloof moes word aan die skrywers van geskikte boeke vir skoolgebruik. Reeds in sy onderwysverslag oor 1882 het Du Toit voorgestel om te begin met die saamstel van leer-, lees- en rekenboeke[3]). Die Volksraad het besluit om twee pryse van £25 elk toe te ken aan die skrywer van 'n goedgekeurde boek in die Nederlandse taal oor geskiedenis en aardrykskunde van Suid-Afrika en 'n rekenboek[4]). Onderwyser J. R. Joubert van Potchefstroom het die prys vir die rekenboekie verower. Later het ook 'n geskiedenis- en aardrykskundeboekie verskyn, waarvoor aan die onderskeie skrywers elk 'n bonus van £50 toegeken is[5]). Gedurende die laaste paar jaar van die tagtiger jare en die eerste twee jaar van die negentiger jare is verskeie ander boeke vir skoolgebruik uitgegee, waaronder ook die eerste skoolkaart van die Republiek deur L. A. F. H. van Wouw[6]) en J. H. Oerder. Teen 1892 was die krisistydperk ten opsigte van skoolbe-

1. De Locale Wetten der Z.A.Republiek, deel 1, 1849-1885, 1120, Wet no. 6/1882, art. 3, 1 (e).
2. Onderwysverslag oor die jaar 1884, 4 en 5.
3. Staatskoerant, 3 Mei 1883: Onderwysverslag oor die jaar 1882, par. 9 en 10.
4. V.R.B., 13 Junie 1885, art.400.
5. Kyk o.a. a. Verslag N.Z.A.V. vir die jare 1886 - 1891;
   b. Lugtenburg: Geskiedenis van onderwys in die S.A.R.,143.
6. Vader van die bekende Anton van Wouw: Kyk Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R.,50.

ke vir die grootste deel iets van die verlede. Daarna het die posisie vinnig verbeter.

c. Gratis onderwys aan behoeftige leerlinge.

Artikel 16 van Wet no. 1 van 1882 het daarvoor voorsiening gemaak dat elke „waarlijk" behoeftige leerling gratis onderwys sou geniet en dat die staat £3 of £5 per jaar vir elke leerling wat laer of middelbare onderwys geniet, aan die skoolkommissie sal betaal. Op die begroting vir 1882 het 'n pos van £1,100 voorgekom om in daardie behoeftes te voorsien[1]), terwyl vir die volgende jaar £600 vir kinders in laer onderwys en £500 vir kinders in middelbare onderwys begroot is[2]).

In sy jaarrapport vir 1884[3]) skrywe die Superintendent dat by die toepassing van hierdie wetsbepaling[4]) die volgende maatreëls geneem is om teen misbruik te waak: Eerstens moes die betrokke skoolbesture by die kwartaalrekeninge die volgende sertifiseer: „De ondergeteekenden certificeeren hierbij, dat bovenstaande rekening correct is, en dat de nietbetalende leerlingen kinderen zijn van werkelijk onvermogende ouders of voogden". As die aantal gratis leerlinge in 'n skool hoër styg as eenderde van die inskrywing, word 'n spesiale ondersoek daarna ingestel[5]).

Hierdie beleid van die regering het dus aanleiding tot misbruik gegee[6]), en teen 1885 was die toestand nog so onbevredigend dat die Volksraad besluit het[7]) dat al die sertifikate aangaande die behoeftige toestand van die ouers wat in dorpe woon, deur die landdros onderteken moes word, terwyl die veldkornette hierdie werk vir die plattelandse bevolking sou doen, in albei gevalle egter in oorleg met die skoolkommissie.

In Oktober 1888 het die waarnemende Superintendent 'n omsendbrief uitgestuur waarin hy opnuut daarop aangedring het dat rekenings

1. Pelzer: Historiese Studies, Jaargang III, no.1, 5. Twee ander bronne stel egter die bedrag hiervoor op £300, nl. (i) Z.A.R. 126: Z.A.Republiek:Finansies-begrotings, 1881-1895, diensjaar 1882, 15 en (ii) Staatskoerant, 3 Mei 1883, Bylae A: voorlopige rapport, 217, waar hy praat van 100 arm kinders, spesiale subsidie £300.
2. Z.A.R. 126: Z.A.Republiek: Finansies-begrotings, Diensjaar 1883, 18.
3. Z.A.R. 87/2/4. ( Staatsargief, Uniegebou, Pretoria.)
4. Artikel 16 van Wet no. 1 van 1882.
5. Onderwysverslag oor die jaar 1883, 4.
6. Reeds in die onderwysverslag oor die jaar 1883 is daarteen gewaarsku en bepaal dat elke skoolkommissie moes sertifiseer dat gratis leerlinge kinders van werklik onvermoënde ouers is.
7. V.R.N.,8 Julie 1885, art.735.

waarop subsidie vir behoeftige kinders voorkom, deur die landdros of veldkornet of hulle amptelike plaasvervangers onderteken moes word. In die brief is verder verklaar dat in geval van verontagsaming van hierdie eis geen subsidie verstrek sou word nie. Ook dít het nie veel gehelp nie, sodat die Volksraad die hele aangeleentheid in 1889 weer bespreek het en die volgende besluite geneem het:

(i) Met die oog op die misbruik of misverstand is subsidies beperk tot kinders van ou en gebreklike en tewens onvermoënde ouers.

(ii) Alle kinders onder 6 jaar is van die subsidies uitgesluit.

(iii) Die subsidies vir behoeftige kinders is verhoog van £3 tot £6 vir laer en van £5 tot £10 per leerling per jaar vir middelbare onderwys[1]).

Ook hierdie besluite het geen bevredigende resultate opgelewer nie. In 1890 het die Volksraad weer op hierdie netelige vraagstuk ingegaan[2]). Die fout is orals gesoek: Het die ouers foutiewe opgawes verstrek of moes die landdros, veldkornet of die skoolkommissie aanspreeklik gehou word? Was die maatstaf van die een beoordelaar ligter as die van die ander? Ondanks al die besprekings en gissings het die Volksraad nie daarin geslaag om die vraagstuk op te los nie. Die volgende jaar het sommige Volksraadslede weer op strenger toesig aangedring[3]).

Die kern van die probleem kom daarop neer dat daar nie 'n definitiewe en absolute grens tussen werklik behoeftiges en nie-behoeftiges gestel kan word nie. Hierdie probleem het die staat in elk geval 'n groot en in baie gevalle onnodige uitgawe aan onderwys meegebring.

## Tabel VII.

**Tabel aantonende die bedrae aan gratis leerlinge bestee vir laer en middelbare onderwys in die jare 1882 tot 1892[4]).**

| | 1882 | 1883 | 1884 | 1885 | 1886 | 1887 | 1888 | 1889 | 1890 | 1891 | 1892 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | in ponde | | | | | | |
| Laer onderwys. | | 600 | 900 | 900 | 900 | 900 | 1000 | 1300 | 4000 | 4000 | 5000 |
| Middelbare onderwys. | 300 | 500 | 750 | 750 | 750 | 750 | 750 | 750 | 1000 | 1000 | 1000 |
| TOTAAL | 300 | 1100 | 1650 | 1650 | 1650 | 1650 | 1750 | 2050 | 5000 | 5000 | 6000 |

1. V.R.B., 11 Jun.1889,art.393; 12 Junie 1889, art. 400.
2. V.R.B. Junie 1890, art.327. (3) V.R.N., 11 Mei 1891, 48. Ook Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R., 44-45.
4. 1882-gegewens kom uit Byale A in Staatskoerant van 3 Mei 1883,217. Verder uit Onderwysjaarverslae oor die jare 1883 tot 1889 saamgestel.

Die bedrae bestee aan die onderrig van behoeftige leerlinge soos in die voorgaande tabel aangegee, is geneem uit die begrotings opgestel vir die betrokke jare en verteenwoordig dus die vermoedelike en nie die werklike uitgawes nie. Die bedrae wat werklik betaal is, kan bereken word aan die hand van die gegewens in die volgende tabel.

Tabel VIII.

Aantal gratis leerlinge in Transvaalse skole, 1885-1890[1]).

| | 1885 | 1886 | 1887 | 1888 | 1889 | 1890 | 1891 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| a. Dorpskole | 138 | 108 | 101 | 135 | 141 | 282 | 905 |
| b. Wykskole | 198 | 233 | 413 | 537 | 579 | 987 | 464 |
| c. TOTAAL | 336 | 341 | 514 | 672 | 723 | 1269 | 1369 |
| | | | | | 785 | 1027 | 1395[2]) |
| d. Totale aantal leerlinge in Tvl. laer en middelbaar. | 2110 | 2308 | 2947 | 4016 | 5475 | 6990 | 8233 |

Die aantal gratis leerlinge in die Transvaalse skole oor die jare van 1885 tot 1891 ( dit is c ) maak by benadering die volgende persentasies uit van die totale aantal leerlinge in die Transvaalse skole ( dit is d ) vir dieselfde tydperk: 16% in 1885, 15% in 1886, 17% in 1887 en 1888, 14% in 1889, 15% in 1890 en 16% in 1891.

Artikel 16 van die Du Toit-wet het iets goeds beoog, maar dit het tot veel misbruike en wanpraktyke aanleiding gegee, wat gevolglik die staat se uitgawe aan subsidies vir gratis leerlinge onnodig hoog laat styg het. Om hierdie wanpraktyke stop te sit, was 'n drastiese verandering noodsaaklik.

1. a. Saamgestel uit onderwysverslae van die Superintendent van Onderwys oor die betrokke jare.
   b. Die aantal gratis leerlinge in die skole van die Z.A.R. is eers in die jaarverslae van 1885 en daarna aangegee.
   c. Die totale aantal leerlinge wat Transvaalse ondersteunde skole besoek het, is vir die jare 1885 tot 1888 geneem soos dit was op 31 Desember van die betrokke jare.
2. In 1889 was die gemiddelde aantal gratis leerlinge per maand 785, die volgende jaar was dit 1027, en 1395 in 1891.

d. <u>Inspeksie van skole.</u>

Die Onderwyswet van 1882 het die Superintendent van Onderwys belas met inspeksiewerk. Alle skole waarin middelbare en hoër onderwys gegee is, moes hy minstens een keer per jaar inspekteer, terwyl hy laerskole so dikwels moontlik moes besoek[1]). Artikel 14 van genoemde wet het hom die reg gegee om 'n bevoegde persoon volmag te gee om as sy plaasvervanger enige skool te inspekteer en aan hom daaroor verslag te doen.

By die werksaamhede wat die Superintendent as hoof van die Onderwysdepartement gehad het, moes hy dus nog baie inspeksies self doen. Hou ons verder die uitgestrektheid van die land in gedagte asook die swak, haas onbegaanbare paaie sonder brûe en die stadige vervoermiddels in die vorm van die ossewa en die perdekar[2]), dan besef ons dadelik dat die werk vir hom en Stiemens te veel was. Verder moet onthou word dat die inspekteur leerlinge individueel moes toets.

In 1882 is in samewerking met die predikante 32 van die 43 skole geïnspekteer; die volgende jaar is 29 van die 72 skole geïnspekteer; in 1884 het Du Toit persoonlik 33 skole van die 59 besoek[3]). Daarna het hy verslap of kon hy dit nie meer volhou nie, en in die onderwysverslag oor die jaar 1886 het die Superintendent verklaar dat sy veelvuldige pligte en werksaamhede hom verhinder om inspeksiewerk te doen. In die daaropvolgende jaar is maar 42% van die totale aantal skole geïnspekteer. Toe Stiemens waargeneem het as Superintendent, het hy in sy verslag aanbeveel dat daar 'n inspekteur aangestel moet word, waarop nie gereageer is nie, sodat die geïnspekteerde skole tot 41% verminder het. Toe hy in sy 1888-verslag hierdie versoek herhaal het en die wenslikheid uitgespreek het dat alle skole minstens een keer per jaar geïn-

---

1. Artikel 13 van Wet no. 1 van 1882.
2. Volgens Wet no.7 van 1886, in Staatskoerant van 14 Julie 1886, wat handel oor reistoelae, word persoonlike toelae vir onderhoud op reis aan hoofde van departemente betaal teen 15/- per dag. Die tarief vir die huur of gebruik van vervoermiddels van daardie dae, nl. perde, kar of wa,was:
   gebruik of huur van perde per dag per perd 5/9;perdevoer per perd per dag 2/3;kar of wa 3/9; huur van wa en osse met inbegrip van leier en drywer per dag 15/-.
   Een dagreis te perd of met kar en perde is bereken teen 36 myl of 6 uur per dag en met ossewa 24 myl of 8 uur per dag.
3. Onderwysverslag oor die jaar 1884.

spekteer moet word is aan sy versoek voldoen en C. G. de Jonge as eerste inspekteur van skole in die Z.A.R. aangestel[1]).Waarnemende inspekteur J. Dyksterhuis en onderwyser J. Nieuwenhuize van Lydenburg het ook inspeksiewerk gedoen, sodat 67% van al die skole in 1889 aan inspeksie onderwerp is. In 1890/91 is 83% ( dit is 233 uit 278 ) van die skole besoek[2]).

Tabel IX
Aantal skole geïnspekteer van 1882 - 1892 [3])

| Jaar. | Aantal skole geïnspekteer. | Aantal skole in Z.A.R. |
|---|---|---|
| 1882 | 32 | 43 |
| 1883 | 29 | 72 |
| 1884 | 33 | 59 |
| 1885 | 57 | 92 |
| 1886 | 50 | 95 |
| 1887 | 49 | 116 |
| 1888 | 74 | 179 |
| 1889 | 152 | 225 |
| 1890 | 232 | 278 |
| 1891 | 155 | 552 |
| 1892 | 420 | 484 |

As gevolg van die ingrypende veranderings en 'n geweldige toename in die aantal skole kon in die jaar 1891 slegs 28% van die 552 skole besoek word. In daardie jaar is J. Nieuwenhuize as inspekteur aangestel, terwyl J. K. M. te Boekhorst en F. P. Crots spoedig na die aankoms van superintendent Mansvelt die geledere van die inspekteurskorps versterk het [4]).

Baie van die onreëlmatighede in verband met die aansoek om subsidies en die doelbewuste vervalsings wat van 1882 tot 1891 in verband daarmee voorgekom het, moet toegeskrywe word aan die gebrek aan doeltreffende ,sistematiese en gereelde inspeksie van skole.

1. De Jonge het in Januarie 1889 in diens getree.
2. Die waarnemende Superintendent het 28, inspekteur De Jonge 108, wnd. inspekteur H.F.Keet van Middelburgskool 83 en J. Nieuwenhuize 6 skole besoek.
3. Gegewens saamgestel uit die onderwysjaarverslae van die Superintendent van Onderwys oor die betrokke jare.
4. Ibid.

Behalwe vakkundige hulp in verband met skoolonderwys kon die inspekteurs die onderwysers ook met raad en daad help en tegelyk let op die getroue nakoming van die wet en beleid van die regering. Met die aanstelling van meer inspekteurs sou dus nie alleen die onderwyspeil verhoog word nie, maar dit sou ook die stipter wetsgehoorsaming en daardeur uitskakeling van sommige wanpraktyke met betrekking tot die finansiering van die onderwys bevorder.

e. Die skoolbesoek.

Gedurende sy eerste jare as Superintendent het ds. S. J. du Toit op sy inspeksiereis gevind dat die onderwys baie gewaardeer is te oordele aan die feit dat daar op die meeste skole by inspeksie 100% van die kinders teenwoordig was. Die bepaling in die Du Toit-wet dat slegs vir leerlinge wat meer as 'n bepaalde aantal dae per maand of per kwartaal [1]) op skool was, subsidie betaal sou word, het gereelde skoolbesoek bevorder. Reeds in sy jaarverslag oor 1882 [2]) kon die Superintendent rapporteer dat die skoolbesoek in die Z.A.R. baie gunstig vergelyk met die van die susterstate, soos byvoorbeeld die Kaapkolonie. Volgens die onderwysverslag van die Kaapkolonie was daar in daardie provinsie 75,314 leerlinge ingeskrywe, terwyl die skool gemiddeld daagliks bygewoon is deur 37,366 leerlinge ; dus minder as die helfte van die ingeskrewe leerlinge het die skool daagliks besoek. Die Inspekteur-Generaal van die Kaapkolonie, Donald Ross, het in dieselfde jaar 102 skole besoek waarin slegs 12,446 leerlinge uit die 21,378 op die registers tydens sy besoek teenwoordig was, dus ongeveer die helfte was afwesig.

In die Transvaalse skole daarteenoor was daar in 1882 tydens inspeksies deur superintendent Du Toit 643 van die 703 ingeskrewe leerlinge teenwoordig ; dus nie eens 8½% was afwesig nie, en in 19 van die 32 skole wat geïnspekteer is, was geen enkele leerling afwesig nie.

Ook uit die maandstate blyk dat die aantal leerlinge wat soveel dae uit die skool afwesig was dat aan hulle geen subsidie

1. Minstens 15 dae per maand of 50 dae per kwartaal.
2. Staatskoerant, 3 Mei 1883 : Onderwysverslag oor die jaar 1882, 216.

betaal is nie, baie gering was, soos blyk uit die volgende statistiese opgawe van die laaste ses maande van 1882.

Tabel X

Aantal ongenoegsame[1]) leerlinge in Transvaalse skole van Julie tot Desember 1882 [2]).

| Maande. | Aantal skole. | Aantal leerlinge Gereelde skoolbesoek | Ongenoegsame skoolbesoek. |
|---|---|---|---|
| Julie. | 28 | 502 | 17 |
| Augustus. | 32 | 618 | 23 |
| September. | 36 | 746 | 36 |
| Oktober. | 36 | 752 | 67 |
| November. | 42 | 671 | 65 |
| Desember | 43 | 872 | 58 |

Hierdie stelsel van ds. du Toit het gereelde skoolbesoek aangemoedig by die ouer en die onderwyser; dit sou albei sowel as die kind ten goede kom,en dit het ook die uitgawe aan subsidie in ooreenstemming gebring met die skoolbesoek.Uit suiwer finansiële oogpunt gesien was dit dus 'n geregverdigde en geslaagde reëling.

In 1884 was 13½% van die leerlinge in Transvaalse skole afwesig[3]). Vir daardie dae was dit goeie skoolbesoek, en ds. S. J. du Toit skrywe hierdie gereelde skoolbesoek toe aan die praktiese bepaling van die Skoolwet en haal dan die betrokke gedeelte van artikel 10 van die wet aan om daarna tot die slotsom te geraak:" .. welke bepaling onderwijzers en schoolbestuurders aanspoort om, in hun eigen belang, bij ouders en leerlingen op een geregeld schoolbezoek aan te dringen".

Hy beskryf die gereelde skoolbesoek in 1885 as bevredigend, daar slegs 197 uit die 1526 leerlinge van die geïnspekteerde skole afwesig was, dus ongeveer 13%.Word afwesigheid weens siekte en ongunstige weer afgetrek, is dit ongeveer 8 leerlinge uit 100 teenoor

1.Ongenoegsame leerlinge is leerlinge wat nie die vereiste aantal dae teenwoordig was nie,nl.50 dae per kwartaal of 15 dae per maand(Z.A.R. 87/10,bl.14).
2.Gegewens uit die Staatskoerant,3 Mei 1883,216;uit die onderwysverslag van die Supt. van Onderwys vir 1882.
3.Onderwysverslag oor die jaar 1884,7.

13 uit 100 die vorige jaar[1]).

In 1886 was sowat 15% van die leerlinge van geïnspekteerde skole afwesig, dus 251 uit 1678[2]). Vir 1887 was dit 13%[3]).Die volgende jaar was dit 14%[4]), en in 1889 was dit 18%[5]).

Uit die voorgaande blyk dat die skoolbesoek geleidelik versleg het, dog in vergelyking met die Kaapkolonie was dit nog baie goed. Hierdie betreklike hoë skoolbesoek moet in eerste instansie toegeskrywe word aan artikel 10 van die Du Toit-wet.Dit was 'n reëling wat die onderwyser, skoolbesture en die ouers om 'n finansiële rede verplig het om hulle kinders so gereeld moontlik skool toe te stuur ten einde geregtig te mag wees op die uitbetaling van die subsidie.

f. Honorarium aan verdienstelike onderwysers.

'n Bepaling van die Du Toit-wet wat die staat 'n ietwat groter uitgawe per jaar aan onderwys sou meebring maar wat tog bewys het dat dit 'n geringe uitgawe was wat buitengewone hoë dividende in die vorm van beter onderwys en opvoeding gelewer het, was artikel 6, wat voorsiening gemaak het vir die toekenning van 'n honorarium van £ 5 tot £ 15 per jaar aan enige onderwyser wie se skool bewys gelewer het van „buitengewone bekwaamheid en vlijt,berekend naar den graad van verdienstelijkheid". Hierdie betaling volgens die graad van die verdienstelikheid was daarop bereken om die onderwyser aan te spoor om die leerlinge so vinnig moontlik te laat vorder. Daarby het die onderwyser ook 'nssertifikaat van verdienste ontvang , wat vir hom 'n goeie aanbeveling was.

Gedurende die eerste jaar van ds. Du Toit se Superintendentskap het die begroting voorsiening gemaak vir £ 150[6]) om as honorarium aan onderwysers betaal te word, maar daarvan is net £25 werklik betaal[7]). Op die 1883-begroting kom die bedrag van £ 300 voor as bonusse aan verdienstelike onderwysers [8]).Die Superintendent se

1.Onderwysverslag oor die jaar 1885, 6.
2.Ibid.,1886, 6 en 7.
3.Ibid.,1887, 6 en 7.
4.Ibid.,1888, 6.
5.Ibid.,1889, 7 en 8.
6.Staatskoerant, 3 Mei 1883 :Jaarverslag vir 1882, 215.
7.Ibid., 215.
8.Z.A.R. 126 :S.A.Republiek: Finansies-begrotings 1881-1895,
Diensjaar 1883, 19.

onderwysverslag oor die jaar 1884 noem die name van 20 onderwysers (-esse) aan wie in daardie jaar tydens inspeksie sertifikate van verdienste, met die daarby behorende honorarium, toegeken is, naamlik 2 van die 1ste, 7 van die 2de en 11 van die 3de rang[1]).

Volgens 'n Volksraadbesluit wat in 1885 geneem is[2]), sou sertifikate van verdienste en die bybehorende honoraria toegewys word slegs aan sodanige verdienstelike onderwysers wat 12 maande of langer aan dieselfde skool werksaam was en gedurende daardie tyd deur hulle werk bewys gelewer het dat hulle aanspraak daarop het. Volgens hierdie vereiste is in daardie jaar sulke sertifikate toegeken aan 5 onderwysers (-esse) elk van die 1ste, 2de en 3de rang[3]). Vir die volgende jare is die gegewens die volgende :

| Jaar. | 1ste rang. | 2de rang. | 3de rang. |
|---|---|---|---|
| 1886 | 3 | 7 | 4 |
| 1887 | 4 | 7 | 4 |
| 1888 | 5 | 2 | 7 |
| 1889 | 7 | 3 | 9 |
| 1890 | 4 | 7 | 10[4]). |

Die honorarium wat aan die onderwysers toegeken is, was in werklikheid nie so 'n groot finansiële hulp aan hulle nie, maar die sertifikate van verdienstelikheid wat daarmee gepaard gegaan het,sou 'n bewys van bekwaamheid , 'n goeie aanbeveling of getuigskrif wees. Dit het ook vir sulke onderwysers bevordering beteken, want van die eerste inspekteurs wat vir die onderwys van die Zuid-Afrikaanse Republiek benoem is, was dan ook persone aan wie reeds vroeg sertifikate van verdienste toegeken is[5]).Daarby kom ook dat die name van sulke verdienstelike leerkragte jaarliks as sodanig in die Superintendent se onderwysverslae verskyn het.

Dit was bepaald 'n stimulus vir die ondernemende onderwyser om vooruit te kom en te presteer, dog ongelukkig het almal nie hiertoe gelyke geleenthede gehad nie weens die ontoereikende inspeksiestelsel van dié dae. Die honoraria vir verdienste was dus vir

1.Onderwysverslag oor die jaar 1884, 8.
2.V.R.B.,15 Junie 1885, art. 405.Kyk ook onderwysverslag oor die jaar 1885, 6 en 7.
3.Onderwysverslag oor die jaar 1885, 6 en 7.
4. Saamgestel uit die onderwysjaarverslae van die Supt.vir die betrokke jare.
5.Bv.H.F.Keet,H.A.Dyksterhuis,J.Nieuwenhuize enC.G.de Jonge.

onderwysers ook maar iets wisselvalligs, want as 'n skool jare lank nie geïnspekteer is nie,was alle geleentheid om erkenning vir gelewerde dienste te kry daarmee heen. Hierdie leemte is dan ook deur Stiemens aangevoel, en ook daarom het hy die aanstellings van inspekteurs by die Volksraad aanbeveel[1]).

In 1888 is die onderwysstelsel lank deur die Volksraad bespreek (die notule daarvan beloop oor die 20,000 woorde), en na afloop daarvan is besluit om die honoraria vir verdienste te verdubbel. Dit het 'n effense verbetering vir verdienstelike onderwysers meegebring.

g. Koste aan onderwys vanaf 1883.

(1) Toename van skole en kinders.

Die groot oplewing op onderwysgebied in die Z.A.R. as gevolg van die nuwe subsidiestelsel en die aanmoediging van partikuliere inisiatief wat deur die Du Toit-wet daargestel is, het ook na die jare 1882 en 1883 [2]) voortgeduur. Die aantal dorpskole sowel as wykskole wat voortdurend geopen is , bewys dit.

Soos blyk uit die hieropvolgende tabel was daar gedurende hierdie tydperk 'n geleidelike toename van sowel die wyk- as die dorpskole, met 'n snelle toename van laasgenoemde soort in 1891,wat toegeskrywe moet word aan die behoefte aan meer onderwys en skole op die goudvelde met die sneltoenemende bevolking. Wat groei betref spreek die syfers vir hulleself. Die bestaan van baie skole,veral van wykskole ,was nog maar van 'n tydelike en soms kortstondige aard, omdat baie boere gedurende die winter na bosveld- en dan weer in die somer na hoëveldplase getrek het[3]).

1. Kyk bl. 104 hierbo asook V.R.N., art. 497 van 1888 en V.R.B., art. 393, 11 Junie 1889.
2. Kyk bl. 87 hierbo.
3. Kyk veral inspeksierapporte in onderwysjaarverslag oor 1886.

Tabel XI.

Ontwikkeling van skole in die Z.A.R. van 1882 tot 1891[1]).

| Jaar. | Dorpskole. | Wykskole. | Totaal. |
|---|---|---|---|
| 1882 | 9 | 34 | 43 |
| 1883 | 8 | 64 | 72 |
| 1884 | 14 | 45* | 59 |
| 1885 | 14 | 79* | 93 |
| 1886 | 17* | 78* | 95 |
| 1887 | 16 | 100 | 116 |
| 1888 | 20 | 159 | 179 |
| 1889 | 28 | 197 | 225 |
| 1890 | 34* | 262* | 276 |
| 1891 | 99*[2]) | 453 | 552. |

Die aantal leerlinge wat gedurende hierdie tydperk onderwys ontvang het, het ewe-eens vinnig vermeerder, wat in 'n groot mate toegeskrywe moet word aan die wyse waarop subsidies uitbetaal is. Deur die subsidiestelsel wat deur Du Toit in werking gestel is, is die skool as 't ware na die kind gebring omdat daar nie soos byvoorbeeld onder die Burgerswet 'n minimum aantal leerlinge vir die opening van 'n nuwe skool gestel is nie.

Die volgende tabel toon die toename van die aantal leerlinge in die dorpskole en wykskole wat onderrig ontvang het. Die leerlinge word geklassifiseer ten opsigte van die tipe subsidie waarvoor hulle in aanmerking gekom het, naamlik laer onderwys, middelbare onderwys, gratis onderwys en ongenoegsame. Laasgenoemde tipe

1. Saamgestel uit die onderwysverslae. Die opgawes met 'n kruisie,*, gemerk, verskil selfs in superintendent ds. du Toit se eie jaarverslae. Die syfers wat in die tabel hierbo gegee is, is die mees-waarskynlike in die twyfelagtige gevalle.
2. In sy oorsig van die gesubsidieerde skoolwese in die jaarverslag van van 1891 (Z.A.R.87/10, bl.13) verduidelik die Supt. dat die rede vir die groter aantal dorpskole in 1891 as die vorige jare daarin geleë is dat van 1891 af alle skole in geproklameerde dorpe as dorpskole gereken word, terwyl vroeër die skole van Johannesburg bv. onder die wykskole gereken is en alleen die skole in die "hoofdplaatsen" van die distrikte as dorpe gereken is.

leerlinge is diegene wat nie die vereiste minimum aantal dae in die skool was nie en waarvoor dus geen toelae gegee is nie.

Tabel X11

Aantal leerlinge in Dorps- en Wykskole van 1884 tot 1891 [1]).

| | 1884 | 1885 | 1886 | 1887 | 1888 | 1889 | 1890 | 1891. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dorpskole: | | | | | | | | |
| Laer onderwys | 449 | 446 | 398 | 413 | 605 | 857 | 809 | 2322. |
| Middelbare onderwys | 181 | 150 | 170 | 203 | 272 | 290 | 371 | 781. |
| Gratis onderwys | | 138 | 108 | 101 | 135 | 144 | 282 | 905. |
| Ongenoegsame onderwys | | | 41 | 21 | 107 | 143 | 102 | 273. |
| TOTAAL. | 630 | 734 | 717 | 738 | 1119 | 1434 | 1564 | 4281. |
| Wykskole: | | | | | | | | |
| Laer onderwys | 1837 | 1097 | 1203 | 1479 | 2339 | 3168 | 3924 | 2998[2]) |
| Middelbare onderwys | 224 | 80 | 116 | 163 | 225 | 579 | 594 | 321. |
| Gratis onderwys | | 198 | 233 | 413 | 537 | 579 | 987 | 464. |
| Ongenoegsame onderwys | | | 39 | 154 | 155 | 224 | 220 | 106. |
| TOTAAL | 2061 | 1376 | 1591 | 2209 | 3256 | 4550 | 5725 | 3889. |
| GROOT TOTAAL | 2691 | 2110 | 2308 | 2947 | 4375 | 5984 | 7289 | 8170. |

(2) Staatsuitgawes aan subsidies.

Net soos by die toename van die aantal skole sien ons ook hier 'n geweldige styging in die aantal leerlinge in die skole, met 'n duidelike weërspieëling van die instroming na die goudvelde.Die uitgawe aan die onderwys sou dus ook so snel die hoogte moes inskiet. Geldelik was die subsidiestelsel, nieteenstaande al sy gebreke en openings vir misbruike en wanpraktyke, vir die staat tog veel goedkoper as die stelsel van goewermentskole. Die gemiddelde koste van die onderwys vir hierdie tydperk het gewissel tussen £4 en £5 per jaar per leerling.Die volgende tabel gee die gemiddelde aantal leerlinge in die wyk- en dorpskole van die Z.A.R. en die totale uitgawe per leerling per jaar. Ten einde die vergelyking te vergemaklik,word ook die beskikbare gegewens vir 'n paar vorige jare gegee.

1. Saamgestel uit die onderwysjaarverslae.
2. Kyk voetnoot op vorige bladsy.

Tabel X111

Staatsuitgawe aan die onderwys in die Z.A.R.

1873-1891[1]).

| Jaar. | Dorpskole. | Wykskole. | Gemiddelde aantal leerlinge. | Totale Uitgawe. | Uitgawe per leerling. |
|---|---|---|---|---|---|
| 1873 | 9 | 10 | - | £1975 | - |
| 1876 | 8 | 5 | 150 | 1275 | £ 8.10.- |
| 1877 | 9 | - | 306 | 3500 | 11. 8. 9. |
| 1879 | 11 | 9 | 838 | 4379 | 5. 4. 6. |
| 1882 | 9 | 34 | 872 | 2753 | 3. 4. 8. |
| 1883 | 8 | 64 | 1410 | 4395 | 3. 2. 4. |
| 1884 | 14 | 45 | 1280 | 5974 | 4.13. 4. |
| 1885 | 14 | 79 | 2111 | 8525 | 4. 0. 9. |
| 1886 | 17 | 78 | 2600 | 9262 | 3.11. 3. |
| 1887 | 16 | 100 | 2795 | 10491 | 3.15. 1. |
| 1888 | 20 | 159 | 4016 | 14716 | 3.13. 3. |
| 1889 | 28 | 179 | 5475 | 24988 | 4.11. 3 [2]). |
| 1890 | 34 | 262 | 6990 | 35447 | 5. 1. 8 [3]). |
| 1891 | 99 | 453 | 8170 | 43824 | 5. 7. 3. |

Hierdie gegewens bied 'n beknopte maar oorsigtelike samevatting van die ontwikkeling van die onderwys onder die Du Toit-wet. Aan die hand hiervan kan die praktiese werking van die wet nou nader beskou en toegelig word.

(3) Artikel 7 in die praktyk.

Die toepassing van artikel 7 van die Du Toit-wet, wat bepaal dat die onderwys in die Nederduitse taal moet gegee word, het in die praktyk moeilikheid veroorsaak , veral omdat die regering dit letterlik en streng wou toepas as teenvoeter vir die feitlike gelykheid van Engels en Hollands onder die Burgerswet,terwyl die Superintendent daarteenoor beweer het :„de bedoeling (van art. 7) is dezelfde als in de Kaapkolonie,dat Engelsch het medium van onderwijs is. Maar evenmin als daar zal hier de regel streng toegepast kunnen worden"[4]).

Aanvanklik is subsidie geweier aan skole waar die kinders nie deur middel van Nederlands onderrig is nie[5]),maar kort daarna het daar

1. Saamgestel uit onderwysjaarverslae.
2. Hierdie vermeerdering en ook dié van die volgende twee jare het ontstaan as gevolg van subsidieverhoging en die skoolhuur toegestaan vanaf 1 Mei 1889.
3. In die onderwysjaarverslag van die Superintendent oor die jaar 1890, bl.2,skrywe Stiemens hierdie styging toe aan die toename van die gemiddelde aantal gratis leerlinge,wat van 785 in 1889 vermeerder het tot 1027 die volgende jaar.
4. Ds.S.J.du Toit se antwoord aan ds.Neethling van Utrecht,wat navraag gedoen het oor die interpretasie van art.7 van die wet.Ook Lugtenburg:Geskiedenis v.d.onderwys v.d.S.A.R.,136-7.
5. Bv. die Ebenhaezerskool in Pretoria in 1882.

verandering gekom in die toepassing van artikel 7 in verband met Engels, want in Oktober 1883 is daar byvoorbeeld subsidie uitbetaal aan die Wesleyaanse skool waarin in standerd 1 en 2 geen onderrig in Hollands gegee is nie terwyl in st. 3 4½ uur en in st.4 en 5 elk 3½ uur per week Hollands gebesig is.

Met die Volksraadsitting van 1884 is die Superintendent berispe omdat regstreeks teen die wet se bepaling in subsidie toegeken is aan Engelse skole, en opdrag is gevolglik gegee om „de wet stiptelijk toe te passen".

In 1885 is artikel 7 nog sistematies oortree, hoewel die Superintendent aan die Volksraad gerapporteer het dat die wet wel stiptelik toegepas is[1]). In Potchefstroom het dr. Kan, lid van 'n kommissie wat die saak ondersoek het, tot die gevolgtrekking gekom dat Hollands sterk agteruitgaan en dat Engels baie meer aandag geniet[2]). Inspekteur De Jonge het ook in 1890 tot dieselfde gevolgtrekking gekom en verklaar dat daar in die dorpe die neiging bestaan om die Engelse taal „in strijd met de wet en ten koste van het onderwijs in de Hollandsche taal" te veel op die voorgrond te plaas[3]).

Met die instroming van die mynwerkers in Transvaal het die Engelse taal sterk aan invloed toegeneem, en die regering het 'n wet gepasseer om dit teen te gaan[4]). Aangesien die regering egter nie eens voldoende Hollandssprekende onderwysers kon kry vir sy Hollandse skole nie, waar ekonomiese druk deur die weiering van subsidie toegepas kon word, was dit 'n haas doodgebore wet wat nie streng toegepas sou word nie.

Met die snelle ontwikkeling van die stad Johannesburg het die meeste skole daar deur medium van Engels onderrig gegee, terwyl Hollands glad nie eens geleer is nie. Die toepassing van die wet in verband met die medium was nog net so laks as tevore. Daar was selfs 'n geval waar 'n honorarium uitbetaal is aan 'n onderwyseres wat omtrent geen Hollands

---

1. Byvoegsel tot Staatskoerant, 19 Mei 1886: Jaarverslag van die Superintendent van Onderwys oor 1885, par.8.
2. The Transvaal Advertiser, 28.12.1886.
3. C.G. de Jonge (Fzn.): Algemeene opmerkingen over het onderwijs in de Z.A.Republiek, 1891, as byvoegsel tot die onderwysverslag oor die jaar 1890, 96 - 99. Ook: De Volksstem, 5 Mei en 26 Mei 1891.
4. Wet 10 van 1888: Op het gebruik der Hollandsche Taal.

kon besig nie. Met die behandeling van die Superintendent se onderwysverslag oor die jaar 1889 in die Volksraad gedurende Junie 1890 het dit onder andere geblyk dat Engels op sommige skole nog op die voorgrond staan of dat Hollands nie as voertaal gebruik word nie[1]) en dat baie skole in Johannesburg suiwer Engels is[2]). In die Pretoriase „Convent School" is tydens 'n inspeksie al die kinders in die skool wat Hollands kon verstaan, byeengebring, en daarvolgens het die skool subsidie ontvang[3]).

Met die aanstelling van inspekteurs kon noukeuriger gelet word op die strenger toepassing van artikel 7 van die wet en kon beter gewaak word teen die onnodige verkwisting van staatsgeld, waarvan die betaling regstreeks in stryd met die wet was.

(4) Subsidiestelsel in die praktyk.

Ds. S. J. du Toit se subsidiestelsel het hom geleen tot die euwel van misbruik, wat hom veral geopenbaar het in die goeie beleid van berekening van toelae volgens die werklike aantal kinders self. Om die toelae so hoog moontlik op te skuif, het dit al gou gebeur dat kinders op skool gebring is wat glad te jonk was en dus geen voordeel uit die gewone laer onderwys kon trek nie. Ook is kinders nog op skool gehou lank nadat skoolgaan vir hulle of die staat van enige waarde kon wees, veral in die gevalle van dom en agterlike kinders[4]).

Veral met die behandeling van die onderwysverslag van 1886 deur die Volksraad in Mei 1887 is die Superintendent van Onderwys dadelik aangeval en is daar verwys na verskillende memories omtrent sy doen en late; skole is nie meer geïnspekteer nie, rapporte van plaasvervangers en kommissies is sonder diskresie aangeneem, skoolkommissielede was onnosel, onderwysers het state vervals, ens.[5]). Ook is verwytend verwys na die koste per leerling, wat te hoog was en wat aan voorgenoemde laksheid van die Superintendent toegeskrywe is[6]).

1. V.R.N., 6 Junie 1889, art.375.
2. V.R.N., 12 Junie 1890, art.358.
3. V.R.N., 13 Mei 1891, art.54. Ook in inspeksierapporte in Staatskoerant, no.539, 29.4.1891.
4. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 55.
5. V.R.N., art.246 van 1887.
6. V.R.B., 18.6.1888, art. 491. Die koste per leerling was £3.11.6 in 1886 teenoor £3.15.1 in die volgende jaar.

Bedrog met die indiening van state en die trek van subsidie het baie geword. So het een skool met 65 kinders byvoorbeeld sy inskrywing op die register aangegee as 135 en vir die aantal is geruime tyd lank subsidie getrek[1]). Ten einde dergelike vervalsings teen te gaan het die Volksraad regulasies aangeneem wat die Volksraad die reg gegee het om gesubsidieerde skole te eniger tyd te besoek en wat verder bepaal dat enige informasie wat Volksraadslede wou inwin, aan hulle verskaf moes word; geen subsidie sou uitbetaal word aan kinders onder 6 jaar nie[2]). Nieteenstaande hierdie beperkings en strenger kontrole het die bedrog nog voortgeduur.

In dieselfde jaar ( 1889 ) het die Volksraad deeglik op die onderwysverslag oor 1888 ingegaan, en terwyl dit onder bespreking was, het Stiemens onder andere verklaar dat hy verskillende opgawes van skoolkommissies moes afkeur omdat leerlinge op onregmatige wyse subsidie vir middelbare onderwys ontvang het[3]). Onderwysers en skoolkommissies het leerlinge wat in die laer afdeling tuis gehoort het, vir subsidiedoeleindes geklassifiseer as leerlinge wat middelbare onderwys ontvang[4]). Nadat die besprekings 'n hele dag in beslag geneem het, het daar die volgende dag nog meer wantoestande onder die aandag van die Raad gekom, soos vervalsing van state in verband met subsidie[5]). In een geval in Pretoria het 'n skoolhoof £32 subsidie op onregmatige wyse ontvang[6]).

In 1890 het die Volksraad weer op die netelige saak ingegaan[7]). In 'n lewendige bespreking is oor en weer gevra waar die skuld dan lê: Het die onderwysers foutiewe opgawes verstrek of moes die landdros, veldkornet of die skoolkommissie aanspreeklik gehou word? Ondanks al die besprekings het die Volksraad nie daarin geslaag om die vraagstuk op te los nie. Die volgende jaar het sommige Raadslede weer op strenger

---

1. Excelsiorskool in Pretoria: Kyk V.R.N., 7 Junie 1889, art. 382.
2. V.R.N., 11 Junie 1889, art. 399; 12 Junie 1889, art. 400.
3. V.R.N., 6 Junie 1889, art.375.
4. Inspeksieverslag, lste kwartaal 1892, Verslag no.3, bl.7-9.
5. Onder andere V.R.N., 7 Junie 1889.
6. Inspeksieverslag, lste kwartaal 1892, Verslag no.3, bl.7-9.
7. V.R.N., 9 Junie 1890, art 327.

toesig aangedring, veral ten opsigte van gratis leerlinge[1]). Voldoende inspekteurs en gevolglike deeglike en gereelde inspeksie sou die doeltreffendste middel wees teen hierdie misbruik en bedrog.

Artikel 6 van die Du Toit-wet het bepaal dat uitbetalings vier keer per jaar sal plaasvind. 'n Basiese tarief van 5/- of 8/4 per maand is vasgestel. Na afloop van elke kwartaal moes elke skool 'n verslag aan die Superintendent stuur wat deur die onderwysers en minstens een lid van die skoolkommissie onderteken moes word. Elke verslag moes vergesel gaan van 'n kwartaalrekening waarop die verskuldigde toelaes vir die afgelope drie maande aangedui moes word. Daarop het die Superintendent die rekeninge met die verslae vergelyk, alles na goedkeuring na die Tesourier-Generaal gestuur, waarop die subsidiebedrag aan die kommissie gestuur is — 'n wyse van uitbetaling wat sowel omslagtig as tydrowend was.

Soms het die onderwysers hulle verslae en rekeninge baie laat ingestuur, waardeur verwarring ontstaan het. Om dit te verbeter het Stiemens in Oktober 1888 'n omsendbrief aan skoolbesture en onderwysers gestuur waarin hy versoek het om die verslae en rekeninge voor 31 Desember te stuur. In ander gevalle het kommissies of onderwysers versuim om kwitansies te stuur. Ook hier het Stiemens die onderwysers en skoolkommissies gevra om hom te help, dog aangesien daar nie op sy versoek gereageer is nie, het Stiemens die saak aan die regering voorgelê en op 11 Maart 1890 magtiging ontvang om aan onderwysers en skoolbesture mee te deel dat kwitansies ook aan landdroste, siviele kommissarisse en mynkommissarisse gestuur kan word[2]).

Daar was dus baie faktore wat daartoe bygedra het om die gladde verloop en die hou van noukeurige en sistematiese verslae van geldelike verslae te bemoeilik.

(5) <u>Die ouer se bydrae tot die onderwys.</u>

Die subsidiebydrae het tot 1899 onveranderd gebly. Oorspronk-

---

1. V.R.N., 11 Mei 1890, art. 48.
2. L.A. 696: A. H. H. Sausenthaler - S. Boersma, Pretoria, 3 Mei 1899. Kyk ook: Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R., 46.

lik was dit die bedoeling dat die ouers by elke 5/- of 8/4 wat die regering per kind aan subsidie gee, dieselfde bedrag van hulle kant sou byvoeg. Om die onderwys te bevorder het die Volksraad in 1889[1]) besluit om die subsidie tot 7/6 en 10/10 per maand te verhoog. Die Raad het verwag dat die ouers hierdie voorbeeld sou volg, maar die uitwerking was die omgekeerde. Die ouers het hulle bydrae verminder, en sodoende het die maatreël nie veel gehelp nie en die staat tog meer gekos[2]).

Die ouers het dus nie hulle plig gedoen nie, soos C.G. de Jonge (inspekteur van onderwys) tereg gerapporteer het: „De Regeering geeft eene ruime subsidie, doet meer dan genoeg. Maar wat doen de ouders ? Hebben zij zich hieraan gespiegeld, en toen de Regeering de subsidie verhoogde hebben zij zich toen meer opofferingen (geldelijke zowel als anderzins ) getroost, en daardoor meer belangstelling getoond ? In geen deele. Er zijn schoolcomissies en onderwijzers, die gedacht hebben :,wel, nu betaalt ons Gouvernement ook voor ons', en die niets meer doen. Dit mag niet zoo zijn. Ook kon vooral door toedoen der ouders, het schoolbezoek getrouwer zijn"[3]).

In die 1891-onderwysverslag merk Mansvelt op „dat het mij getroffen heeft, hoe betrekkelijk weinig in 't algemeen door de bewoners dezen Republiek voor 't onderwijs gedaan wordt tegenover de groote som gelds jaarlijks door de Regeering voor het onderwijs uitgegeven"[4]). Ter stawing daarvan haal hy dan die volgende syfers aan:

In die Kaapkolonie was daar in 1890 99,523 skoolgaande kinders, waarvoor die regering aan subsidie vir onderwysers, geboue, meubels en skoolbehoeftes £129,351.8.9 betaal het, en die bedrag deur die ouers byeengebring het £116,288.10.3 bedra. Vir 8,170 kinders aan wie die regering in die Zuid-Afrikaanse Republiek in 1891 subsidie betaal het, het die bedrag £43,823.11.- beloop. Hy kon nie vasstel wat die ouers se bydrae was nie, maar skat dat dit nie die helfte van die regering se bedrag beloop het nie. Hy erken dat die ouers wel arm was maar dat daar ook wel baie was wat meer kon bydra. In dorpe en stede

---

1. V.R.B., 11 Junie 1889, art. 393.
2. R.7978/91 by R.4657a/91: Wnd.Supt.v.Ond. -Regering, 29 April 1891.
 .V.R.N., 15 Mei 1891, art. 66.
3. in R. 4657a/1891.
4. Onderwysverslag oor die jaar 1891, art.11, bl.6.

waar twee of meer skole bestaan het, is die skoolgelde dikwels so geweldig laag vasgestel en dikwels selfs niks gevra nie ten einde die leerlingtal asook die regering se subsidie daarmee te vermeerder.Hierdie optrede en metode het stremmend ingewerk op skole wat tog wel redelike hoë skoolgelde gevra het,en dit het hulle ook genoodsaak om tot die minimum te daal. So was daar byvoorbeeld in 'n skool met 100 leerlinge slegs 10 betalende leerlinge. Daarom het die Superintendent voorgestel dat dit in die belang van die onderwys en die ouers sal wees dat die skoolgeld wat die ouers moet betaal, nie minder as 'n sekere minimum moet bedra nie[1]).

Vir sover dit uit beskikbare statistieke vasgestel kon word, was die ontvangste vir onderwys van die ouers in die Transvaal deurgaans baie gering in vergelyking met die uitgawe.

Tabel XIV.

Inkomste en uitgawes t.o.v. onderwys in Transvaal,1882 -1891[2]).

| Jaar. | Ontvangste[3]). | Totale uitgawe. |
|---|---|---|
| 1882 | £240 | £2753. |
| 1883 | 372 | 4395. |
| 1884 | 744 | 5974. |
| 1885 | 372 | 8525 . |
| 1886 | 744 | 9261. |
| 1887 | 300 | 10491. |
| 1888 | 300 | 14716. |
| 1889 | 700 | 24987. |
| 1890 | 700 | 35447. |
| 1891 | 700 | 43824. |

Uit die voorgaande ontledeing van die werking van Du Toit se subsidiestelsel blyk dat dit veel gehelp het om die onderwys te

1. Onderwysverslag oor die jaar 1891,art.11.bl.6 en 7.
2. Saamgestel uit Z.A.R.126:Republiek:Finansies-begrotings 1881-1895.
3. Die ontvangste hier aangegee, is die beraamde terwyl die uitgawes die werklike is.Geen offisiële opgawes van die ouerbydraes is aangehou soos later onder dr.Mansvelt nie, aangesien subsidies onder Du Toit betaal is ongeag die ouers se bydrae.

laat groei en bloei maar dat dit ook aan sekere ernstige gebreke mank gegaan het.Die Volksraad het dit terdeë besef, en daarom het die Staatsekretaris op 22 Junie 1891 aan Stiemens opdrag gegee om in samewerking en in oorleg met W.Louis sekere wysigings in die bestaande onderwyswet aan te bring.[1]).

(6) Vergoeding aan onderwysers.

Die vergoeding wat onderwysers vir hulle werk ontvang het, het hoofsaaklik afgehang van die aantal kinders in die klas waarvoor hy subsidie ontvang het.Was sy werk verdienstelik ,dan was daar nog die hoop op 'n klein verhoginkie in die vorm van 'n honorarium.

Gedurende die eerste jare onder die Du Toit-wet word daar omtrent van geen onderwyser verneem wat op beter besoldiging aangedring het nie.Weliswaar was daar ook nie enige aansporing vir onderwysers om hulle kwalifikasies te verbeter nie.Stiemens het in 1887 vir die eerste keer onderwysers aangemoedig om beter kwalifikasies te verwerf[2]).Die Raad van Eksaminatore het hom daarin ondersteun en 'n advies aan die Volksraad gerig waarin gemeld word dat tot daardie jaar nog niemand hom aangemeld het om die onderwysereksamen af te lê nie, omdat daar geen vooruitsigte in die onderwyswêreld bestaan het nie [3]). Die Raad het Stiemens daarin gesteun om die posisie te verbeter deur te bepaal dat :

(a) elke onderwyser wat 'n sertifikaat Derde Klas van die Raad van Eksaminatore verwerf, 'n jaarlikse toelaag van £50 ontvang en

(b) besitters van 2de en 1ste klas-sertifikate onderskeidelik £100 en £150 sal ontvang.

In die 1888-onderwysverslag word hierdie geldelike vergoeding aan onderwysers vir genoemde kwalifikasies herhaal dog met die verskil dat nou aanbeveel is om aan skoolkommissies 'n ekstra subsidie van £50 £100 of £150 toe te ken indien hulle 'n onderwyser van die 3de ,2de of 1ste rang aanstel[4]).

1. R.5570/91 : Staatsekretaris -Wnd.Supt.v.Onderwys,Pretoria,22.6.1891.
2. Onderwysverslag oor 1887, 8.
3. Ibid., 37,Bylae C.
4. Onderwysverslag oor 1888, 7.

In die Volksraadsitting van 1889 is aan die regering voorgestel om weer subsidie aan gesertifiseerde onderwysers te betaal ten einde ongediplomeerdes aan te moedig om hulle aan 'n eksamen te onderwerp[1]. Nog dieselfde dag het die Uitvoerende Raad met hierdie versoek ingestem. 'n Paar dae later het die Staatspresident op hierdie Raadsbesluit teruggekom en die Volksraad versoek om dit af te keur[2], wat ook gedoen is. Die President het betoog dat deur die toekenning van 'n ekstra subsidie aan gesertifiseerde onderwysers die kerk en godsdiens sou ly.

Stiemens het weer eens 'n poging aangewend om onderwysers te beweeg om hulle beter vir die onderwys toe te rus, dog weer sonder sukses[3].Met die Volksraadsitting van 1891 het J. J.Spies,raadslid vir Utrecht, weer die saak aangeroer[4], en onmiddellik na hom het die Staatspresident die woord geneem en verklaar dat hy onderwys aan die hele volk wil bring. Word beter gekwalifiseerde onderwysers meer betaal, dan sal dit nie vir arm mense moontlik wees om hulle kinders die nodige bietjie kennis van skrywe, lees en rekene en voldoende godsdiensonderwys te laat geniet nie. Godsdiens is die fondament van die staat: wanneer onderwysers bekwaam genoeg is om die kinders daarin te onderrig en hulle lees, skrywe en rekene tot by standerd 111 te kan gee, dan is hierdie onderwys vir die arm bevolking voldoende[5]. Daarmee het die Staatspresident dus sy standpunt duidelik en onwonde gestel.Meer gegoede mense kon hulle kinders verder en deegliker onderwys deur beter onderwysers laat gee.

Op 31 Desember 1891 was daar van die 583 onderwysers wat aan gesubsideerde skole werksaam was, slegs 105 in besit van 'n sertifikaat[6]. Daar was dus geen geldelike aanmoediging vir onderwysers om hulle professioneel beter vir die onderwysberoep toe te rus nie.

1. V.R.N., 29 Mei 1889, art. 292.
2. V.R.N.,11 Junie 1889, art. 391.
3. Onderwysverslag oor die jaar 1889, 9 - 10.
4. V.R.N., 15 Mei 1891,art. 63.
5. Ibid.
6. Onderwysverslag oor die jaar 1891,paragraaf 21,bl.9.

(7) Die administratiewe personeel.

Die Du Toit-wet het die Superintendent van Onderwys se salaris gestel op £600 per jaar plus reiskoste[1]).Verder is bepaal dat sodra die werksaamhede van die Onderwysdepartement dit noodsaaklik gemaak het, 'n sekretaris aangestel sou word teen £250 per jaar. H. Stiemens is as Sekretaris van Onderwys aangestel op 24 Augustus 1882[2]). Toe Stiemens , na die bedanking van ds. du Toit as Superintendent van Onderwys in Transvaal, moes waarneem as Superintendent van Onderwys , is G. Borel tydelik as Sekretaris aangestel. Na laasgenoemde se dood in 1891 is hy opgevolg deur sy klerk G. A. Odé. Op 4 Februarie 1891 het Stiemens 'n versoek aan die Uitvoerende Raad gerig om Gabriël Adolf Odé as waarnemende Sekretaris aan te stel[3]). Op 23 Februarie het Odé die eed van getrouheid afgelê.

Die reistoelae vir die Superintendent was £300 per jaar[4]), en daaruit moes hy sy eie reiskoste, onder andere vir inspeksie, betaal, en ook moes hy predikante-inspekteurs daaruit vergoed.Net vir een jaar van 1 Julie 1889 af, is dit verhoog tot £500 per jaar[5]), en daarna was dit weer £300 per jaar.

Gaan ons die begrotings vir die periode 1882 tot 1891 na[6]), dan merk ons dat verskeie vehogings aangebring is aan die salarisse van die administratiewe personeel. Op die begroting vir 1887 kom die bedrag van £75 (dus £150 per jaar) voor as die salaris van 'n klerk van 1 Julie af.Die volgende jaar se begroting maak weer voorsiening vir die volgende salarisse:Superintendent van Onderwys £700 per jaar ; Sekretaris van Onderwys £350 per jaar ; klerk £175 per jaar, terwyl dit op die volgende jaar se begroting weer verhoog is met ingang 1 Mei naamlik :Superintendent van Onderwys £850 per jaar, Sekretaris £375 per jaar, klerk £200 per jaar. Die 1890-begroting stel die salaris van die Sekretaris van 1 Julie af op £425 per jaar en die

---

1. Artikel 13 van die Du Toit-wet.
2. Staatskoerant, 3 Mei 1883, 214.
3. R.1335/91; kyk ook vir aanstelling telegram 23 Febr.'91 in R.1335/91.
4. Z.A.R. 126: Z.A.Republiek: Finansies-begrotings, verskeie jare.
5. Ibid., 1889, 1890, verskeie plekke.
6. Gegewens in die paragraaf geneem uit Z.A.R.126: Z.A.Republiek: Finansies-begrotings, verskeie jare.

klerk s'n op £250 per jaar. Van 1 September 1891 af is die salaris van die Superintendent van Onderwys verhoog na £1200 per jaar[1]). Binne enkele jare het die salarisse van die hele personeel dus sowat verdubbel.

Die 1889-begroting maak voorsiening vir die salaris van 2 inspekteurs van skole van 1 Julie af teen £500 per jaar elk, terwyl daarby ook nog kom reiskoste van 1 Julie af teen £250 elk. Die begroting vir 1891 maak voorsiening vir salarisse van twee inspekteurs soos vir die vorige jare asook vir 'n verdere vier inspekteurs teen dieselfde salaris van 1 September 1891 af,plus ook die nodige reistoelae vir die periode 1 September tot 31 Desember 1891 teen £250 per jaar.

(8) Die peil van die onderwys.

Nadat nagegaan is wat die koste vir die Staat aan onderwys was, is dit ook nodig om kortliks te let op die peil van die onderwys teen die einde van die Du Toit-Stiemens-periode.

Hoewel die Du Toit-wet die onderwys na die kind gebring het en geweldig baie meer kinders daaronder onderwys geniet het, was die peil daarvan nog maar baie laag[2]).Feitlik die eerste professionele beskouing oor die onderwystoestande in die Z.A.R. waaroor ons beskik, is die „Algemeene opmerkingen over het onderwijs in die Z.A.Republiek", opgestel deur inspekteur De Jonge[3]).Op die vraag of die onderwys enige vooruitgang toon - 'n vraag wat uit finansiële oogpunt ook baie belangrik is - antwoord hy :„De inspecties leeren dat er vooruitgang is, maar nauwlijks merkbaar ! Het onderwijs is nog gebrekkig"[4]).

3. Hoër onderwys in Transvaal,1882 - 1891.

a. Die Opleidingskool.

Waar ons hier praat van hoër onderwys , beteken dit vir alle praktiese doeleindes wat ons vandag verstaan onder middelbare onderwys. Laasgenoemde naam is wel destyds gebruik maar dan is daarmee bedoel st. 4, 5 en 6 van die laerskool.

Die Du Toit-wet maak voorsiening vir 'n inrigting vir hoër onderwys of normaalskool, wat die enigste staatskool sou wees, met

1. E.V.R.B., 14 Julie 1891, art. 889.
2. V.R.N.,10 Junie 1890, art. 334.
3. Onderwysverslag oor 1890,Byvoegsel, 96 - 99.
4. Onderwysverslag oor 1890, Byvoegsel,bl. 97.

die doel om onderwysers en amptenare op te lei[1]).Die voorgestelde leerplan was ambisieus; die doel was te veelomvattend[2]),want dit was daardie tyd prakties onuitvoerbaar[3]),en daarby het dit aan die nodige geld ontbreek.

Aan die begin van 1883[4])was daar voldoende leerlinge om die skool te open[5]) en het die Opleidingskool[6]) begin onder die hardwerkende W. Louis van Potchefstroom as hoof.Reeds na 3 maande was daar 25 leerlinge, terwyl daar in September 1884 al 30 was. Daarna was daar weer 'n effense daling[7]).

In 1886 is besluit om 'n dosent in Delfstofkunde aan te stel [8]); met die inspeksie van die skool in Mei 1886 was daar 20 leerlinge , dus 7 minder as met die vorige inspeksie.As rede hiervoor is aangevoer dat die skoolgelde te hoog was[9]),en daarom is dit kort daarna tot 10/- per maand verlaag[10]),dog die getal leerlinge het nog verder gedaal tot 13 teen die einde van 1886, terwyl die skool se nadelige saldo £153.10.-. was.

Besprekings in die Volksraad het verder aan die lig gebring dat die bestaande skole vir middelbare onderwys nie by die Opleidingskool aansluit nie, omdat die peil van laasgenoemde te hoog was.Om hierdie leemte te vul het die N. Z. A. V. onderneem om 'n onderwyser, J. K. M. te Boekhorst, uit Nederland te stuur en twee jaar vir sy salaris te sorg.[11]). Hy het dan ook in September 1886 aan die Opleidingskool begin werk. In Maart 1887 het hy 30 leerlinge gehad,2 maande later 57, waarop die regering besluit het om sy afdeling van die skool tot 'n aparte skool, die Voorbereidingskool, te verhef en om hom te

1. Deel 11 van Wet no. 1 van 1882.
2. Kyk bl. 84 hierbo.
3. Voordat'n kind tot die Opleidingskool toegelaat sou word, moes hy st.6 afgelê het,en baie min kinders het selfs teen 1891 daardie onderwyspeil bereik.
4. Skool het geopen op 10 Jan.1880(Kyk V.V.O.O.Z.A.:Gedenkboek,81).
5. 'n Minimum aantal leerlinge van 15 is deur die wet voorgeskryf.
6. Die regering het voorsiening vir akkomodasie(3 klaskamers by die Ebenhaëzerskool)gemaak teen 'n huur van £4 per maand.
7. Kyk onderwysverslae van die Superintendent. 370.
8.V.R.N.,28 Mei 1886, art.368;dr.J.W.Fockens is aangestel;ookV.R.N.,art.
9. Skoolgelde was 20/- per maand.
10.Onderwysverslag oor 1885,Bylae 11,1V:"Opleidingschool,"51. Eerste kind uit gesin 10/-,2de kind 7/6, 3de kind 5/-.
11.Verslag N.Z.A.V.,1886 - 1887, 11.

salarieer[1]). In die praktyk het die twee skole saamgesmelt.Met die Desember 1887-inspeksie was die gesamentlike aantal leerlinge 72[2]); in Junie 1888 was dit 100.

In 1889 het die Volksraad die werk van die Opleidingskool bespreek, en daar is daarop gewys dat die Opleidingskool, wat eintlik as laerskool begin het, sover gevorder het dat dit reeds 'n gimnasium genoem kan word ,en dit baan die weg tot die stigting van 'n universiteit[3]). Hierdie idee van 'n universiteit in Pretoria is algemeen verwelkom[4]). Dit is in beginsel deur die Uitvoerende Raad en Volksraad goedgekeur[5]),en daar is selfs besluit om £20,000 op die begroting te plaas vir die doel[6]). Op die 1890-begroting kom £20,000 daarvoor voor en ook weer £10,000 op die 1891-begroting[7]).Daar is ook daadwerklike pogings aangewend om 'n professor vir die universiteit te vind, maar dit het misluk en die gedagte is voorlopig laat vaar[8]).

Die werk van die Opleidingskool het gaandeweg verbeter, en dit het vir die republiek veel beteken. Op 13 - 15 Desember 1888 is dit geïnspekteer ,en toe was daar 131 leerlinge , van wie 9 studiebeurse behaal het[9]).In 1889 was daar 173 leerlinge[10]), terwyl die gemiddelde inskrywing vir die laaste jaar onder die Du Toit-wet gemiddeld 150 was, van wie die groot meerderheid egter laer onderwys ontvang het.

Ten slotte is dit hier van belang om te wys op die waarheid waarop The Press die vinger gedruk het in verband met die onderwys in Transvaal:"What is desired to draw attention to here is the fact that it is hopeless to attempt high flights in the matter of education without proper grounding in the rudimentary stages."[11]).

1. Verslag N.Z.A.V., 1887 - 1888, 17.
2. Onderwysverslag oor 1887, 36.
3. R. 5327/89.
4. R. 5827/89.
5. Notule Uitvoerende Raad, Junie 1889, art. 311.
   V.R.N., 12 Junie 1889, art. 403.
6. V.R.N., 12 Junie 1889, art. 404.
7. Z.A.R. 126: Z.A.Republiek : Finansies-begrotings,1890 en 1891.
8. Kyk volledigheidshalwe Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die S.A.R., 58 - 62.
9. Z.A.R. 87/7 : Onderwysverslag oor die jaar 1888, Bylae B, 33.
10. Onderwysverslag oor die jaar 1889.
11. Education in the Transvaal in The Press,O.D.-uitknipsels.

Die Voorbereiding- en Opleidingskool is later vervang deur die Staatsgimnasium, wat op 15 Augustus 1893 geopen is, waardeur 'n nuwe tydperk op dié gebied aangebreek het.

Gaan ons daardie dae se begrotings[1]) deur, dan vind ons dat daar op die 1883-begroting vir die hoofonderwyser van die Opleidingskool £500 voorkom asook £150 vir 4 kursusonderwysers. Vir die volgende jaar was dit dieselfde plus £96 vir 'n taalleraar; vir 1885/86 was daar £500 vir die hoof ( W. Louis ) en £200 vir kursusonderwysers. In 1887 kom by 'n assistentonderwyser teen £300 per jaar, 'n onderwyser in Engels teen £200, 'n leraar in Delfstofkunde teen £100; hoofonderwyser van die Voorbereidingskool £250 van 1 Augustus af asook 'n assistentonderwyser vir dié skool teen £200 en £100 vir kwekelinge aan die skool. Daarna is die salarisse geleidelik verhoog en die aantal poste ook vermeerder, totdat dit op die 1891-begroting soos volg gespesifiseer is: Hoof van die Gimnasium £700, assistent aan die Gimnasium £425; hoofonderwyser van die Voorbereidingskool £400; eerste, tweede en derde assistente van die Voorbereidingskool respektiewelik £300, £275 en £200; onderwyser in Engels £300, leraar in Delfstofkunde £200 en onderwyser vir doofstommes £300, terwyl £75 aan meubels vir die Opleidingskool bestee sou word[2]).

b. <u>Die dameskool in Pretoria.</u>

Die Opleidingskool was hoofsaaklik vir seuns bedoel, sodat daar vir meisies van regeringsweë geen voorsiening vir verdere onderwys gemaak is nie. Die peil van die Ebenhaëzerskool, wat 'n meisiesinrigting was, was so laag dat dit maar feitlik 'n gewone laer onderwysskool was.

Daar is 'n behoefte gevoel aan 'n inrigting vir meisies wat met die Opleidingskool sou ooreenstem. In Augustus 1884 het mej. Pommer... uit Bloemfontein na Pretoria gekom om 'n skool vir meisies op te rig[3]). Aan steun het dit nie ontbreek nie: ouers het dit aktief ondersteun, en 'n kommissie is gevorm wat die regering om 'n ekstra steun gevra het. Dit is egter geweier nadat dit baie bot deur die Volksraad behandel is omdat dit in stryd met die skoolwet sou wees[4]).

---

1. Z.A.R. 126: Z.A.Republiek:Finansies-begrotings, 1881 - 1895, oor verskeie jare.
2. Ibid., vir die jaar 1891.
3. De Volksstem, 26.8.1884.
4. De Volksstem 16.9.84.

Nieteenstaande die weiering van ekstra steun aan die skool deur die regering is dit tog op 2 Oktober 1884 geopen, en het dit ook begin met kinders van die laagste klasse. Na ses maande is die skool geïnspekteer, en toe was daar al drie onderwyseresse vir 32 leerlinge, wat in drie skoollokale gehuisves was[1]).

Uit die inspeksies blyk dat die werk goed was en dat die skool gegroei het.

c. Studiebeurse.

Behalwe deur middel van die Opleidingskool is ook op ander maniere probeer om 'n deel van die Transvaalse jeug meer gevorderde onderwys te verskaf. Reeds in 1882 het ds. S. J. du Toit teenoor dr. A. Kuyper en die N.Z.A.V. die wens uitgespreek dat 'n aantal studiebeurse vir Afrikaners in Nederland in die lewe geroep moes word. Tydens die besoek van die Boeredeputasie aan Nederland in 1884 het prof. dr. Harting en die N. Z. A. V. besluit om die Transvaalse studente finansieel te help. In 1885 is die „Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche Studenten" opgerig[2]) met £1500 beskikbaar[3]). Die Studiefonds het studiebeurse beskikbaar gestel vir Transvaalse seuns om in Nederland verder te studeer.

Die inrigting vir middelbare onderwys te Doetichem het ook aangebied om twee Transvaalse seuns tussen die leeftyd van 12 en 14 jaar geheel en al kosteloos in Nederland te laat voorberei vir onderwyser, predikant of dosent. Hulle sou ook hulle klere en losies verskaf[4]).

In 1888 het die Volksraad ook vier beurse van £60 elk vir studie in Nederland beskikbaar gestel. In dieselfde jaar het ook

---

1. Dit is interessant om dit te vergelyk met die gemiddelde aantal leerlinge per onderwyser in die ander skole. In die onderwysverslag oor 1889 (Z.A.R.87/8) het die waarnemende Superintendent van Onderwys, H. Stiemens, op 15 Mei 1890 aanbeveel dat daar in die toekoms nie meer as 35 of hoogstens 40 leerlinge aan een onderwyser(es) toevertrou moes word nie. Daaruit kan ons aflei dat dit wel van 40 tot 50 kinders per onderwyser moes gewees het.
2. Verslag N.Z.A.V., 1886-1887, 88 (Reglement).
3. Ibid., 53-54. Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) het die Transvaal Comptè 'n groot bedrag ingesamel om Transvaalse gewondes en famielie betrekkings van gesneuweldes te help. Omdat die oorlog so gou verby was, is besluit om dié geld aan die N.Z.A.V. oor te dra.
4. De Volksstem, 15 Augustus 1884. Ook Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R., 64 en Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., 164.

privaat persone 5 beurse vir studie in Nederland toegeken, maar die skenkers het verkies om hulle name geheim te hou[1]). In 1888/89 het 8 leerlinge van die Opleidingskool na Nederland vertrek[2]).

In verband met die uitgawes aan studiebeurse op die begrotings van die Z. A. R.[3]) vind ons vir die eerste keer £250 in die begroting vir 1888, terwyl daar in die volgende jaar se begroting £288 voorkom vir 6 studiebeurse van £48 elk en £240 vir vier studiebeurse van £60 elk[4]). In 1890 was daar benewens die £288 en £240 nog ses studiebeurse aan die Gimnasium te Pretoria van £60 elk[5]). Daarby kom ook 'n toelae van £100 aan die sekretaris van studiebeurse sowel as £200 toelae vir toesig in Nederland in verband met die studiebeurse. Vir 1891 was die raming dieselfde.

Teen 1891 het die Transvaalse regering dus ses beurse van £48 elk en tien van £60 elk toegestaan ter bevordering van meer gevorderde onderwys, en daarby kom ook nog die beurse wat beskikbaar gestel is deur private persone in die Zuid-Afrikaansche Republiek self asook beurse van oorsee.

Ten slotte moet daarop gewys word dat die peil van die onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek teen 1891 nog so laag was dat dit vir studente moeilik was om met hulle peil van onderwys aan te sluit by oorsese studie-inrigtings. Ook het die toekenning van beurse vir oorsese studie gedeeltelik meegehelp om die oprigting van 'n eie universiteit te vertraag.

## 4. Samevatting.

Die onderwyswet van Du Toit het uitgegaan van die beginsel dat die onderwys 'n saak van die ouers was en nie van die staat nie en dat die oprigting van skole oorgelaat moet word aan partikuliere inisiatief. Die staat se aandeel in die onderwys is beperk tot 'n eenvormige subsidiestelsel volgens die aantal leerlinge wat die skool gereeld besoek,

---

1. V. V. O. O. Z. A.: Gedenkboek, 81.
2. Onderwysverslag oor die jaar 1888, 33; ook N.Z.A.V., 1890 - 1891,79.
3. Z.A.R. 126: Z.A.Republiek: Finansies-begrotings, 1881 - 1895, onder die betrokke diensjare.
4. Ibid.
5. Toegeken volgens V.R.B., 21 Mei 1890, art.158.

die graad van die onderwys en die toesighouding oor die regte en goeie gebruik van die geld. Buitengewoon verdienstelike onderwysers sou deur middel van honoraria beloon word.

Die beheer van die onderwys en gelde is aan 'n Superintendent van Onderwys opgedra, wat skoolsake, skoolverslae en die subsidiëring van skole moes behartig en verslag daaroor aan die Volksraad moes voorlê. Elke ondersteunde skool is onder die onmiddellike toesig van 'n skoolkommissie geplaas, wat namens en met behulp van die ouers moes sorg vir 'n skoolgebou, meubels en toebehore.

Hierdie wet is deur die volk verwelkom, omdat dit by die volksaard aangepas het. Die ouers is geprikkel om belang te stel in die onderwys; die stelsel was goedkoper vir die staat, en tog het dit die onderwys veel meer laat bloei en ontwikkel as die duurder stelsel onder Burgers. Die toelae per kind het onderwysers en skoolbesture aangemoedig om meer kinders na die skool te bring.

Die groei van die onderwys onder die subsidiestelsel van ds. Du Toit was fenomenaal. Van 9 gesubsidieerde skole met 206 leerlinge in Januarie 1882 het die aantal aangegroei tot 43 met 872 kinders in Desember van dieselfde jaar en tot 522 skole met 8170 leerlinge in 1891, dus 'n vermeerdering van die aantal leerlinge met oor die 900% van Desember 1882 tot Desember 1891.

Die koste aan die onderwys vir die staat het van sowat £2,800 in 1882 tot nagenoeg £43,800 in 1891 toegeneem, wat 'n gemiddelde koste van £3.4.8 tot £5.7.3 per leerling per jaar vir die ooreenstemmende jare gee. Dit vergelyk baie goed met die van 1876, 1877 en 1879 toe dit £8.10/-, £11.8.9 en £5.4.6 respektiewelik was.

Die staatskoste aan onderwys het geleidelik toegeneem as gevolg van die groter aantal leerlinge wat skole besoek het, die verhoogde skaal van subsidies en die vinnige vermeerdering van die aantal gratis leerlinge in die skole.

Hierdie subsidiestelsel het hom egter geleen tot die euwel van misbruike ten opsigte van die aantal leerlinge wat wederregtelik op die subsidiestate voorgekom het, die aantal laer onderwys-leerlinge wat vir subsidiedoeleindes as leerlinge in middelbare onderwys aange-

gee is, en die bedrog ten opsigte van die aantal gratis leerlinge. Hierdie wanpraktyke kon egter in 'n groot mate doeltreffend bestry word deur die aanstelling van voldoende inspekteurs van onderwys.

'n Treurige verskynsel wat tot droefheid stem, is die geringe regstreekse bydrae van die ouers tot die onderwys, wat inspekteur De Jonge genoodsaak het om dié saak in onomwonde taal aan die Volksraad voor te lê.

Geldelik was die subsidiestelsel van Du Toit, nieteenstaande al sy gebreke en sy openings vir wanpraktyke, wat met die nodige toesig voorkom kon word, vir die staat nog veel goedkoper as die stelsel van goewermentskole en is die onderwys aan 'n baie groter aantal kinders beskikbaar gestel as ooit tevore en dit teen 'n betreklike lae gemiddelde uitgawe per kind.

--------------------